JERUSALEM

In die internasionale politiek is die Midde-Ooste die spreekwoordelike kruitvat. ’n Enkele vonk is genoeg om ’n enorme ontploffing te veroorsaak. In Oktober laasjaar het die Joodse leier mnr Ariel Sharon die vonk by die kruitvat gebring toe hy ’n besoek gebring het aan die Tempelberg in Jerusalem. Die Palestyne het dit as ’n provokasie beskou en hewige gevegte het losgebars. Baie mense is dood en die vredesproses is voorlopig van die baan.

Die gebeure van die afgelope ses maande illustreer die sentrale betekenis van die stad Jerusalem in die Midde-Oosterse vredesproses. Jerusalem het blykbaar ’n geweldige, emosioneel-gelaaide betekenis vir die strydende partye. Hoekom is Jerusalem so belangrik? Daar is sowel politieke as religieuse redes.

Vanuit ’n politieke oogpunt gesien is Jerusalem ’n twisappel omdat sowel die Jode as die Palestyne die stad as die hoofstad sien van hulle eie onafhanklike staat. Geen politieke oplossing sal die Palestyne tevrede stel nie, tensy hulle tenminste Oos-Jerusalem terugkry as hoofstad van hulle onafhanklike staat. Aan die ander kant sal dit vir Israel uiters moeilik wees om ’n deel van die stad terug te gee vir die Palestyne, omdat hulle Jerusalem beskou as die hoofstad van die onafhanklike staat Israel.

Ook vanuit ’n religieuse oogpunt is Jerusalem vir beide partye geweldig belangrik. Vir die Jode is Jerusalem nog steeds die stad van Dawid. Die Jode se gevoel oor die stad word opgesom in Psalm 137:5 “As ek jou vergeet, o Jerusalem, laat my regterhand dan homself vergeet!” Die klaagmuur in Jerusalem is ’n bekende plek waar Jode saamkom om te bid. Aan die ander kant is Jerusalem ook vir die Palestyne ’n heilige stad. In die oostelike deel van die ou stad is die Al Aqsa moskee gebou op die plek waar vroeër die Joodse tempel gestaan het. Dit is ’n bedevaartsplek wat deur duisende Moslems elke jaar besoek word.

Die probleme in Jerusalem lyk asof dit onoplosbaar is . Wanneer twee sterk godsdienste dieselfde stad as hul heilige stad beskou, is ’n oplossing menslikerwys gesproke nie moontlik nie.

As Christene dink ons hierby ook aan ons Here Jesus Christus wat oor Jerusalem gehuil het omdat Hy geweet het wat met die stad gaan gebeur. Ons dink ook aan die dag toe Hy sy kruis gedra het deur die strate van die stad. Op daardie dag het die dogters van Jerusalem oor Jesus gehuil, maar Hy het hulle beveel om oor hulleself en hulle kinders te huil (Luk. 23:27-28).

’n Tyd van rus en vrede vir die aardse Jerusalem lyk verder weg as ooit. Dit laat ’n mens uitkyk na die dag dat die nuwe Jerusalem uit die hemel sal neerdaal (Openb. 21) en Jesus Christus, die Vredevors, ’n ewigdurende vrede sal vestig vir almal wat aan Hom behoort.

ds Arjan de Visser

'n NUWE SPAN – 'n NUWE BEGIN

ds Arjan de Visser

As gevolg van die uittrede van dr JW Meijer as eindredakteur (reeds ‘n jaar gelede) en die vertrek van dr JM Boon na Engeland, het daar twee vakatures ontstaan in die kernredaksie. Die stigtingsbestuur het twee nuwe lede in die kernredaksie benoem, t.w. ds C Kleyn en ds AJ de Visser (laasgenoemde as eindredakteur).

As nuwe kernredaksie wil ons graag ons opregte dank en waardering uitspreek aan die adres van die broeders Meijer en Boon. Dr Meijer het ‘n hele aantal jare bekwame leiding gegee aan Kompas en ook self deur sy artikels rigting gegee aan gereformeerde denke en lewe. Dr Boon se samewerking was kort maar sy insette is gewaardeer. Ons vertrou dat beide broeders in die toekoms nog hulle bydrae aan Kompas sal gee in die vorm van opbouende artikels.

Die kernredaksie wil graag probeer om Kompas se kwaliteit te handhaaf en, indien moonlik, te verbeter. Aangesien ons met beperkte middele moet werk, sowel wat beskikbare skrywers betref as wat finansies betref, sal die leser geen wonderwerke kan verwag nie. Tog hoop ons om die inhoud van Kompas beter te beplan deur middel van ‘n sisteem van klein tema’s vir elke uitgawe. Die praktiese uitwerking daarvan is sigbaar in hierdie nommer wat die tema ‘literatuur’ het. Die vorige uitgawe het, al was dit onopvallend, ook reeds ‘n tema gehad, naamlik ‘toekomsverwagting’. Ons beplan om vir elke uitgawe ‘n tema te kies en dan drie of vier artikels aan die betrokke tema te wy. Op hierdie wyse hoop ons om die betrokke tema’s meer diepgaand te kan aanspreek.

Ander ideale wat die kernredaksie het, is onder andere om die drukkwaliteit van Kompas te verbeter. Ons is bewus van die probleem dat foto’s nie altyd mooi uitkom nie. Die belangrikste probleem is dat die finansies op die oomblik nie toelaat om drastiese stappe te doen nie. Ons kyk egter wat ons kan doen om die kwaliteit te verbeter.

Terwyl ons melding maak van nuwe benoemings in die redaksie, wil ons ook die tegniese en administratiewe helpers in die kalklig plaas. Sr Diny de Wit gaan na jarelange troue diens uittree as administratrise van Kompas en haar taak gaan oorgeneem word deur sr Henriëtte Groenwold. Ons wil sr Diny baie hartlik bedank vir haar insette die afgelope tien jaar. Sy het ‘vrou alleen’ die administrasie van Kompas gedoen, gesorg dat rekeninge betaal word en dat inskrywingsgelde inkom en geadministreer word. Baie dankie! Vir sr Henriëtte wens ons baie sterkte met die nuwe taak. Daar is nog meer helpers wie se name nie in Kompas verskyn nie, maar sonder wie se insette die verskyning van die blad onmoontlik sou wees. Sr Louise Ros doen elke maand die bladuitleg en die Lubbinge-gesin doen elke maand die bindwerk. Dit is tydrowende werk wat dikwels ons tydsdruk gedoen moet word. Ons is dankbaar vir hulle insette.

Kompas is nog steeds ‘n blad wat deur vrywilligers geproduseer word. Ons glo dat die blad diensbaar kan wees aan die versterking van gereformeerde denke en lewe. Ons hoop dat die lesers deur die blad gebou sal word en ons wil die lesers ook graag nooi om te reageer en enige wense en/of vrae vir ons te stuur. Daar is ‘n briewe-kolom wat meer gebruik kan word as wat die geval is. Maar ook afgesien daarvan sal ons opbouende reaksies verwelkom.

Namens die kernredaksie

DIE HOORDER IN DIE PREEK

ds E Viljoen

"En wat in die goeie grond val - dit is die wat, nadat hulle gehoor het, die woord in 'n edele en goeie hart hou en met volharding vrug dra." Lukas 8:15

Die hoorder in die preek
Vandag is daar in besinning oor wat prediking is en wat dit moet wees, geweldig aandag vir die "hoorder" in die prediking. Aan alle kante word in kerklike tydskrifte daarvoor gepleit dat die prediker die hoorder ernstig moet opneem. As uitgangspunt vir 'n goeie preek is dit natuurlik geen totaal nuwe vertrekpunt nie. Die bedoeling van elke preek is tog om die hart van die gemeente te bereik. Die preek is tog geen skoot in die lug nie. In elke preek wil God weer laat sien en hoor **dát** Hy met sy gemeente wil leef. En **hóé** Hy met haar wil leef. Wat Hy van **sy gemeente** dink en oor **haar** te sê het. Ook wat Hy vír **haar** te sê het.

Elke preek van elke Sondag is vir die **spesifieke gemeente** bedoel. Die profete het gedurig weer die opdrag gehad: "Spreek tot die hart van My volk!". Die bedoeling is dat die preek afgestem is en behoort te wees op die omstandighede en die tyd waarin ons nou leef. God se Woord is sy boodskap aan sy gemeente wat hier en nou leef. Die nood en stryd van die gemeente van vandag kom in die preek aan die orde. Die gevare wat ons **nou** bedreig moet aangewys word. En die uiteindelike doel is dat elkeen in die gemeente deur die preek **geloof** van God ontvang. Óf vir die eerste keer, óf die Here wil deur die preek sy gemeente in die geloof kom versterk en bemoedig.

Verbruikersmentaliteit
Maar dit is tog wel iets anders as wanneer daar 'n **verbruikersmentaliteit en -houding** teenoor die prediking is. Aandag vir die gemeente deur die prediker beteken nog nie dat daar by die gemeente nie aandag vir die Here hoef te wees nie. Nadat Jesus die gelykenis van die saaier vertel het, roep Hy uit: "Wie ore het om te hoor, laat hom hoor!" Die Here Jesus het heel deeglik aandag vir die "hoorder", maar die vraag aan ons vandag is of ons nog aandag het vir die **Spreker**!! Hoor ons **Hom** nog? Die gevaar wat altyd weer by ons as gemeentelede heers, is dat ons "Hom wat spreek afwys".

Aandag vir die hoorders
Die Here Jesus het in Lukas 8 deeglik aandag vir sy hoorders. Hy gaan die een stad en dorp na die ander deur en Hy preek. Van dorp tot dorp verkondig Hy die evangelie van God se koninkryk (8:1). Hy wil **hierdie mense** bereik met die evangelie. Hy het **vir hulle** goeie nuus. Oral trek Hy rond met die twaalf wat Hy gekies het nadat Hy 'n nag in gebed deurgebring het, en roep die twaalf stamme tot geloof. Maar in dit alles vra Hy aandag vir Hom-self. Geloof in God beteken dat hulle in Hom sal glo. Hy het gekom vir die verlore skape van Israel, maar dit beteken wel dat die skape vir Hom sal aandag hê. Hulle moet vir Hom kies. Hulle moet Hom gaan dien. Dit is die eis van die evangelie - diensbare liefde vir Jesus Christus

In Lukas 8 ontmoet ons drie vroue wat vir Jesus gaan dien. Hy het vir hulle as hoorders aandag gehad. Uit Maria Magdaléna het Jesus sewe duiwels uitgedryf. Johanna, die vrou van Gusa, en Susanna is deur Hom gesond gemaak. Jesus het 'n oog en hart gehad vir die wat na Hom geluister het in hulle spesifieke nood. En hulle het geleer om na Hom te luister.

Aandag vir die Spreker in die preek
Saam met baie ander het hierdie vroue vir Jesus nou met al hulle besittings gedien. Terwyl Jesus met sy twaalf dissipels rondgaan en die evangelie verkondig, word hulle o.a. deur hierdie vroue onderhou. U sien, geloof behels aandag vir Jesus en liefdevolle diensbaarheid aan Hom. En diensbaarheid aan die evangelie. Hulle help sorg, deur Hom met hul besittings te dien, dat Jesus kan rondgaan en die evangelie aan ander verkondig. Dit is wat gebeur wanneer ons luister na Jesus se bevrydende woorde. Wanneer ons Hom wat met ons praat nie afwys nie. Die Woord is by hulle in 'n edele en goeie hart gehou. Met volharding het hulle vrug gedra. Vir die wat **nie** vrug dra nie, word die gelykenis van die saaier vertel…vir hulle sodat hulle terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie verstaan nie (8:10).

Terwyl Jesus oral rondgaan om die evangelie te verkondig, versamel baie mense om Hom. Maar hulle luister nie werklik na Jesus nie. Hulle het nie werklik **vir Hom** aandag nie. Hulle is soos 'n groot saailand waarop die saad van die evangelie uitge-strooi word, maar hulle luister nie werklik na Hom met 'n "edele en goeie hart" (8:15b) nie. O ja, hulle vergader rondom Hom, maar dit dra geen blywende vrug in hulle lewe nie. Dan gaan vertel Jesus vir hulle die gelykenis van die saaier. En toe Hy dit klaar vertel het, roep Hy hard uit:"Wie ore het om te hoor, laat hom hoor!".

In plaas daarvan dat hulle werklik met goeie harte na Hom luister, wil hulle net van Hom ontvang. Hy genees en herstel hulle lewens. Hulle wil as't ware van Hom kom "oes". Maar deur die gelykenis draai Jesus hulle verwagting juis om. Hý is die saaier en Hý verwag 'n groot oes van mense wat gelowig na Hom sal luister. Hy kom soek by hulle die oes wat Hy deur sy verkondiging van die evangelie wil bewerk. Hy soek aandag vir God wat praat. Hy is die saaier en hulle die akker. Hulle moet hulle harte oopstel vir sy evangelie. En Hy wat saai doen dit met die oog op vrugte van geloof en liefde. Soos Maria Magdalena uit wie Hy sewe duiwels uitgdryf het. En soos Johanna, die vrou van Gusa, en Susanna.

Die gelykenis wil ons laat sien dat die saad van die evangelie wat gesaai is, bedreig word op allerlei maniere: voëls , son, onkruid. Alleen in grond wat ontvanklik is vir die evangelie en bereid is om daarna te luister met 'n "edele en goeie hart", word vrugte met volharding gedra. Het ons nog aandag vir die "Spreker" in die prediking? Kom ons nog na die

Skrif en die preke op Sondag met ’n "edele en goeie hart"? Weet ons nog wie die Een is wat onder ons sy evangelie laat verkondig. Hy is die een wat by ons oes kom soek. As ons aandag het vir die Spreker in die prediking, dra ons met volharding vrug. Dit is die onmiskenbare boodskap van die gelykenis. Of ons nog ’n oog en oor het vir God wat met ons praat in die prediking, sal sigbaar word uit ons vrug.

HARRY POTTER
- OKKULTIES OF FANTASIE

me. Greet de Vries

Die Skotse skryfster JK Rowling het reeds aan die vyfde boek in die Harry Potter-reeks begin werk. Intussen verkoop boek vier soos soetkoek - en word stof steeds wêreldwyd opgeskop: *is die inhoud blote onskuldige fantasie of subtiele okkultisme?*

Statistieke wys dat daar ’n aanmerklike toename van kinders in die VSA is, wat aan die Kerk van Satan behoort. Dit word gedeeltelik toegeskryf aan die invloed van ’n reeks kinderboeke, geskryf deur die outeur JK Rowling waarin die towenaarseun, Harry Potter, die hoofkarakter is.

Vier boeke van die reeks van sewe het reeds verskyn, waarvan meer as 50 miljoen kopieë wêreldwyd verkoop is. Dit is in 35 tale vertaal en het in verskeie lande die top-tien lys van die beste verkopers gehaal. In die huidige jaar word nog beplan om die Hollywood produksie van Harry Potter vry te stel, sowel as ’n verskeidenheid Harry Potter speelgoed en speletjies.

Inhoud

Die held in die verhaal is Harry Potter, wat op eenjarige ouderdom wees gelaat is, toe ’n towenaar, heer Voldemort, sy ouers deur toorkuns vermoor en ’n dodelike vloek oor Harry uitgespreek het. Harry het egter die vloek, en sodoende die dood oorwin. Hy is op die stoep van sy ouerhuis aangetref, met ’n litteken wat soos ’n weerligstraal lyk, op sy voorkop. Buite sy wete het hy oor geweldige towerkrag beskik. Elf jaar lank bly hy by sy aaklige oom en tante en gruwelike nefie (’n vet boelie) in ’n kas onder die trap. Hulle is “gewone” mense, wat nie oor toorkuns beskik nie en wat as “moggels” beskryf word.

Nadat Harry vir al die jare baie stief behandel is, word ’n brief deur ’n pos-uil afgelewer waarin hy genooi word om die Hogwarts-skool vir hekse en towenaars in ’n ou kasteel by te woon. Hier word hy etlike jare lank (7 jaar, 7 boeke) as ’n towenaar opgelei. Hy vlieg deur die lug met ’n heksebesem, gebruik ’n towerstaf en ’n onsigbaarheidsmantel. Hy leer alles oor die voorbereiding van towerdrankies, asook oor towerspreuke en vloeke. Hy kommunikeer met spoke, praat met die geeste van afgestorwenes en het kontak met verskeie bo-natuurlike gedrogte. ’n Spook, wat deur die muur en swartbord verskyn, gee sy lesings oor die Geskiedenis van toorkuns. Die leerlinge het ook toegang tot ’n biblioteek met ’n groot versameling boeke oor heksery en toorkuns. Inligting oor gevorderde vloeke en swartkunste is ’n beperkte afdeling van die biblioteek, wat vir die beginners verbode is.

In die transfigurasieklas leer hy hoe om mense en diere van gedaante te laat verander - kewers word in knope verander en mense in katte of reuse-spinnekoppe. Op ’n dag het Harry in die donker kasteel ’n geheimsinnige stem met hom hoor praat wat sê: “Kom na my toe dat ek jou kan ver-skeur, vermoor en verslind.” Saam met sy mede-studente kom hulle agter dat daar diep in die ou kasteel ’n baie misterieuse kamer van geheimenisse is. Daarin is ’n monster met onoorwinlike kragte. Hy kan net deur die erfgenaam Van Silibberin, een van die bekendste towenaars wat daar ooit in die kasteel was, oorwin word. Op soek na die versteekte vertrek het Harry verskeie grillerige ondervindings.

In die kamer van die geheimenisse raak Harry in ’n doodsbenoude stryd met die monster gewikkel - ’n basilisk, wat ’n reuse slang met dodelike giftande is. Hy oorwin die slang en word sodoende die erfgenaam. ’n Groot toekoms as towenaar wag hierna op hom …..

Uiteenlopende Reaksies

Daar is baie teenstrydige en uiteenlopende reaksies uit Christelike- en onderwyskringe op die Harry Potter-boeke. Sommige beveel die boeke aan en gaan selfs sover om te beweer dat Harry Potter ’n bewys is dat God bestaan. Ander beskou die boeke as baie gevaarlik en wil dit verbied.

- Wim Houtman, joernalis van die ND (Nederlands Dagblad), meen dat kritici t.o.v. die Harry Potter-boeke oor reageer. Syns insiens besluit hulle te vinnig dat die boeke as okkulties bestempel moet word omdat daar hekse of towenaars in die boeke voorkom. Hy beskou die boeke as geniale onskuldige fantasie. ’n Letterkundige en navorsingskonsultant veroordeel die kritiek op die Harry Potter-boeke as ’n belaglike heksejag. Volgens hom is dit van kardinale belang dat die kind van kleins af met die skadukant van die lewe, waarvan die Bose met sy talle gedaantes deel is, gekonfronteer moet word.
- Dr Andrea Collins van Focus on Faith in Denver sê dat hierdie boeke nie slegs een of twee gebruike van tower-spreuke en kristalballe uit-beeld nie, maar honderde okkultiese gebruike.
- Volgens kenners is die fantasieë in die lewe van Harry Potter duidelik op gevestigde gebruike in towery en heksery gebaseer.
- Dr. Rob Matzken sluit hierby aan deur te sê dat dit in hierdie boeke nie, soos in die Daarenteen maan mense soos dr Rob Matzken van Bijbel en Onderwijs in Amersfoort (Nederland) en die skryfster Maretha Maartens ons tot waaksaamheid. Volgens hulle lê die groot gevaar in die ontkenning van die okkultiese en verwyt hulle ander beoordelaars van naïwiteit.

gewone sprokie, gaan oor die goeie wat die verkeerde moet oorwin nie, maar oor ’n stryd tussen *“white magic”* en *“black magic”*. Die “evil” word dus deur ’n ouliker vorm van “evil” uitgewis. Hekse en towenaars met goeie bedoelings word positief uitgebeeld en geromantiseer en gee so ’n verwronge beeld van die gruwelike werklikheid. In die Harry Potter-boeke is toor ’n manier om jou te verdedig, om die waarheid uit te vind, om jou sport te bedryf - kortom ’n lewenswyse. ’n Lewe waarin die dood aantreklik gemaak word, omdat ’n *volgende wonderlike avontuur wag* ….

- Maretha Maartens se primêre vraag is of die onbevange lees van hierdie boeke heilsaam vir die jong leser kan wees. Sy voel baie sterk daaroor dat die 8 - 12 jariges nie in hierdie Skrifvreemde milieu van heksery en towery, wat deur God verbied word, moet rondspeel of fantaseer nie. Veral by kinders wat nog nie ’n sterk Bybelse raamwerk gevorm het nie. Die bonatuurlike en onsigbare is realiteit en het selfs ’n plek in die Bybel.

Identifikasie

- Op talle plekke word in die Harry Potter-boeke neerhalend na die “gewone” mense wat nie in die wêreld van hekse en toorkuns glo nie en dit as boos beskou as “moggels” verwys. Die “moggels” word dus beskryf as vervelig, eensydig en oningelig. Hedendaags verkies baie jeug die fantasie-wêreld van hekse en towenaars en maak allerhande planne om die kunste aan te leer en te beoefen om so die “gewone” lewe te ontvlug. Harry Potter kan so ’n pragtige rolmodel vir hulle wees.
- Verbeelding speel ’n baie groot rol in kinders se lewe en deur subtiele negatiewe prikkeling kan ongewenste begeertes in ontvanklike gemoedere geskep word. Hierdie briljante stuk fantasie kan miskien net te oortuigend vir die kindergemoed wees om as fantasie gekompartementaliseer te bly.
- Sommige opvoedkundiges meen dat veral kinders wat verwerp voel of in moeilike gesinsomstandighede is, geneig is om met Harry te simpatiseer en te identifiseer en hulle so oop te stel vir die wêreld waarin Harry beweeg, ’n wêreld waarin geen Christelike etiek geld nie. Lieg en bedrieg word goedgekeur.
- Ander sien dit as positief om met die “goeie” Harry, in sy stryd teen die Bose, te identifiseer en voel dat ons die kinders se vermoëns onderskat om self die verkeerde van die goeie te onderskei.
- Ons moet egter altyd onthou dat die lesers van die Harry Potter boeke nie volwassenes is nie. ’n Kind wat lees kan baie moeilik afstand neem en begeef hom/haar met hart en verstand in die werklikheid van die boek en word absoluut deel van die boek.

Gewelddadig en Angswekkend

Sekere dele in die boeke is werklik baie angswekkend en gewelddadig. Bloedstollende taferele soos spoke van mense wat in die kasteel vermoor is, verskyn aan Harry. Op een plek bars spookperde met koplose ruiters in ’n woeste stormloop deur die muur. In ’n muwwe kerker is die oorblyfsels uit ’n onthaal van 500 jaar gelede. Dit word so beskryf: *aan die oorkant van die kerker staan ’n lang tafel wat met swart ferweel bedek is… Dit ruik aaklig. Groot verrotte visse lê op pragtige silwer borde, daar is ’n harslag wat krioel van wurms, ’n blok kaas vol groen muf, en in die middel ’n enorme grys koek in die vorm van ’n grafsteen, met die volgende woorde “Sir Nicholas de Mimsy - Porpington. Gesterf op 31 Oktober, 1492.*

Op bl. 199 en 200 in ‘Harry Potter en die kamer van die Geheimenisse’ (die ‘makste’ en ‘kinderlikste’ boek in die reeks) kan ’n mens die volgende lees…. *Dhoewels lag ’n hoë lag. ’n Koue lag wat glad nie by hom pas nie. Dit laat die hare in Harry se nek regop staan. “As ek dit self mag sê, Harry, ek kon mense nog altyd bekoor as ek moet. Ginny het haar hele siel teenoor my uitgestort en haar siel was presies wat ek nodig gehad het. Ek het sterker en sterker geword op ’n dieet van haar diepste vrese, haar donkerste geheime. Ek het magtig geword, baie magtiger as klein juffrou Weasly. Magtig genoeg om vir juffrou Weasly ’n paar van my geheime te voer, om ’n bietjie van my siel in haar te laat vloei…”*

“Wat bedoel jy nou eintlik?” sê Harry.

“Het jy nog nie geraai nie, Harry Potter?” sê Dhoewels sag. “Ginny Weasly… het die skool se hoenderhane nek omgedraai en dreigende boodskappe teen die mure geskryf. Sy het die Slang van Slibberin op Modderbloeders gesit en op daardie Sisser se kat.”

“Nee,” fluister Harry.

“Ja,” sê Dhoebels bedaard. “Natuurlik het sy aanvanklik nie geweet wat sy doen nie. Dit was baie vermaaklik…

Is dit werklik geskik en heilsaam vir die jong leser? Die vraag kan dan gevra word of ons werklik nog besig is met onskuldige fantasie?

Populariteit

In ’n tyd waar lees al hoe meer in diskrediet raak, is dit verbasend dat die Harry Potter-boeke deur miljoene kinders verslind word. Selfs kinders wat glad nie van lees hou, word deur Harry se belewenisse meegesleur, en in so ’n mate dat onderwyskundiges dit as die grootste bate van die boek beskou dat kinders weer lees.

- Wim Houtman meen dat die rede waarom hierdie boeke so ’n groot aanslag by die jeug het, is omdat dit aansluit by hul honger na die onbekende, die wonder van die “ander wêreld”.
- Nog ’n rede is volgens Houtman die noue aansluiting by die leser se eie leefwêreld en opset. Dit gaan oor ’n skool, ’n koshuis, vakke, onderwysers, maats, partytjies, eksamen, sport ens.
- Ander skryf die groot invloed wat die Harry Potter boeke op die huidige jongmense het, aan dieperliggende redes toe.
- Dr. Rob Matzken vertolk die aanklank teen die agtergrond van vervallende Christelike waardes en ’n sterk toename

in die beheptheid met die bonatuurlike mitiese wêreld van towerkrag. Grootskaalse verval in Bybelse norme het dus ’n leemte gelaat en so deure wyd oopgemaak vir Nuwe Era ideologieë, towery en Satanisme.

Dit kan ook nie ontken word dat die boek ’n geniale stuk skryfwerk is nie, baie boeiend en uitstekend vertaal.

Samevattend

- In verband met die beoordeling van die Harry Potter-reeks geld byna die gesegde “soveel sinne soveel gedagtes”. Tog sal elke ouer of opvoeder wat met die boeke in aanraking kom vir hom-/haarself ’n eie oordeel moet vorm.
- Almal van ons het die opdrag om krities en onderskeidend te lees en dit aan ons kinders oor te dra. Soveel uiteenlopende reaksies kan ons nie anders as tot nadenke stem nie. Kan hierdie reeks boeke onbevange en sonder begeleiding net vir die plesier gelees word - is dit heilsaam vir die jong leser?
- Uiteindelik beklemtoon dit opnuut ons taak as ouers en opvoeders, om bewustelik betrokke te wees by ons kinders se keuse van leesstof en so die leuen te ontmasker.
-

GESPREK OOR
DIE SWYE VAN MARIO SALVIATI

AJ van der Lugt

Etienne van Heerden se jongste roman, *Die swye van Mario Salviati*, trek al jou aandag as jy dit op die rak sien staan. Die foto van die gedeeltelike gesig op die voorblad het iets magneties, amper iets vermakerig onheilspellends. Dis nie die gelaatstrekke van die vrou wat jou opval nie, maar eerder die intensiteit van haar blik. En die speelse blonde haarlok op haar voorkop. Lanklaas het 'n boek my so laat wonder wat tussen sy bladsye afspeel en waarom die skrywer juis hierdie foto gekies het.

Vir koerantlesers is Etienne van Heerden nie onbekend nie. Uit sy gereelde kolomme in die Afrikaanse susterkoerante kry mens ietwat van 'n algemene beeld van die skrywer. Maar min mense weet dat hy 'n formele regsopleiding het, gereelde gasdosent in Europa is en oor die jare talle toekennings en pryse ontvang het. Daarby is sy boeke in nege tale vertaal.

'n Formidabele skrywer dus, een van die groot name op die plaaslike skrywerstoneel. Vandaar my groot verwagting van hierdie boek.

Die verhaal

Die verhaal kom aanvanklik stadig op dreef en begin in die hede. Ingi Friedländer kry die opdrag om vir die Nasionale Versameling 'n beeld te gaan aankoop op die dorpie Tallejare aan die voet van berg Onwaarskynlik, op die rand van die Moordenaarskaroo. Die beeld versinnebeeld die kunsideaal van die nuwe regering en is volgens Jonty Jack, die kluisenaar-skepper daarvan, geen gewone beeld nie. Dit het net een oggend daar gestaan, nog mistig van die Skepper se warm hande. Visman Steier, noem hy die beeld. Dit steier soos die lewe - 'jy dink nog jy gaan vorentoe, dan steier jy inderwaarheid weer terug die verlede in'.

Dit blyk gevleuelde woorde te wees. Ingi kom gou agter dat die dorp sy geheime het, waarvan almal skyn te weet, maar sku is om oor te praat. En soos sy deur nuuskierigheid gedrewe die legkaart stukkie vir stukkie probeer volledig kry, ontvou die een verhaal na die ander uit die droewe geskiedenis van die dorp.

Verweef in die boek is die verhaal van die Krugerponde wat tydens die Anglo-Boereoorlog verdwyn het en wat die hele twintigste eeu oorspan. Tegelyk word die verhaal vertel van die flambojante Meerlust Bergh, sy pragtige Indonesiese vrou Irene Lampak en hul volstruispaleis. Tussendeur borduur die skrywer die stories van die Italiaanse krygsgevangenes wat tydens die Tweede wêreldoorlog na die Karoo gestuur word, die lewensloop van ouma Siela Pedi, en Karel Bergh en sy waterprojek en ander. En dan is daar die kunstenaar Jonty wat liewer die verlede verswyg en dit in beelde vaslê: 'die kuns kan dit soveel beter vasvat as die geskrifte van historici'.

Kompleksiteit

Die veelheid van verwante verhale gee die boek 'n sekere kompleksiteit. Dit is beslis nie 'n lekkerlees-roman nie. Die lees daarvan vra inspanning en konsentrasie. Des te meer soos die verhale vorder en hede en verlede in mekaar begin inloop, 'n engel steeds weer opduik en dooies met lewendes praat. En dan besef jy as leser - hier het ons nie meer met die werklikheid te doen nie. Dit gaan hier oor groter waarhede wat die skrywer probeer oordra. Hy vertel nie slegs nie, hy lewer kommentaar.

Soos mens deur die boek kruip, kry jy 'n beeld van die geskiedenis van Tallejare. 'n Droewige geskiedenis wat die dorp nie durf konfronteer voor Ingi daar aandoen nie. Maar die berg se naam sê dit al - Onwaarskynlik. Die dorp is bloot fiktief, en ingebed in sy geskiedenis lê die geskiedenis van Suid-Afrika. Die verhale draai by die kampong en die kleur-vraagstuk, by rasvermenging en ontug. En die spesifieke verwysings na die nuwe politieke bedeling, die nuwe millennium en stryd verlei die leser om die boek uiteindelik te sien as 'n kommentaar op die nuwe Suid-Afrika. Geskiedskrywing is vervorm, mense vergeet en lieg by. Om 'n gemeenskap soos Tallejare te begryp 'moet jy jou bepaal by die verleidings tussen geliefdes'. Dis 'n verhaal van bloedskande en vergrype wat reflekteer op die gemengde geskiedenis van hierdie land. Ons bloed is intiem verweef.

Tog bly die gevoel dat die boek groter wil wees. Die verhale is so inmekaar gestrengel en word deur verskeie magiese en mitologiese temas so onwerklik dat alleen die worsteling met die interpretasie van die werklikheid oorbly. Die mens is tegelyk groot en klein, goed en boos, maar almal moet uiteindelik die werklikhede van hede en verlede in die oë kyk. Die ewige soeke na goud het die mens tot gierigheid en wreedheid gedryf, maar dit bly hom ontwyk. Dieselfde gebeur met die tema van die liefde wat sterk deur die boek loop. Uiteindelik is dit 'n onvervulde begeerte. Selfs die boek is onvervuld - die oop einde gee geen antwoorde nie, behalwe dat konfrontasie met die verlede bevryding bring.

Die roman gaan nie oor die vind van goud nie, maar oor die soek daarna. Dit handel nie oor die vervulling van liefde nie, maar die ontwykende aard daarvan. Dit is 'n boek oor die verganklikheid van menslike belewenisse en die verband tussen die hartstogte van die verlede en die hede, waar-geneem en ervaar deur die vele kunstenaars wat in die boek optree. 'Die verhaal van Tallejare is eintlik 'n huldiging aan sy kunstenaars - daardie

dokumenteerders van verdriet en mitologie'.

Post-Christelik

Hoewel vol religieuse temas is die boek vir die Christenleser redelik onverteerbaar. Reeds op die eerste bladsy word God se naam 'n paar keer gebruik. En telkens kom die kerk en selfs 'n engel in beeld. Maar die hantering daarvan laat geen twyfel oor Van Heerden se post-modernistiese en tegelyk ook sy post-Christelike vooroordele nie.

Op die dag toe die water moet loop is almal daar. Dit was in die tyd van oorgang van perdekar na motor (bl. 83). So beskryf Van Heerden die tipiese Tallejaarse gemeenskap: 'Die sendeling is daar, met sy verweerde Bybel en sy suutjiesboude; die dominee met sy plegtigheid en sy gladde bek; die Minister van landbou het sy adjunk-sekretaris gestuur, 'n jong mannetjie met 'n knypbrilletjie wat kort-kort agter 'n bos moet gaan water afslaan terwyl die eindelose gebede, die sidderende weeklagte van die sangomas, die seëngebare van die priesters en die gevlaggieswaai van die skoolkinders afgehandel word.' Dieselfde karikatuur skets hy as die water loop (bl. 85): 'Die priester lig sy staf en slaan daarmee op die water, die sendeling prys die Here,....die sangomas skuim om hul monde...' Van Heerden plaas godsdiens en bygeloof half spottend op een lyn. Sy verwysing na Karel Bergh se permanente oorlog 'teen die vooroordeel van die bekrompe kerkgangers wat Sondae met skrefiesoë gedemp voor hul kerk staan en gesels' (bl. 98) degradeer die kerkgangers uit daardie tyd tot 'n agterbakse subkultuur. Veral in die konfrontasie met die katolieke Italianers word daar fyn met die bekrompe Christene gespot.
Die engel wat dwarsdeur die boek figureer, is tegelyk 'man, god en dier', met pragtige bene en 'n manlikheid wat matrone Taljaard 'rukkinge van genot in haar onderlyf' gee (bl. 128). Hy sal met sy groot vlerke effens oop op 'n warm ketel 'sit en vlooie vang in sy blaaie, en 'n dun wit streep loop van onder sy boude langs die ronding van die lokomotiefketel af' (bl. 63). Hierdie engel is 'los van aardse begeerte' (bl. 104) en verskyn soms aan mense (bl. 127). Later in die verhaal tref ons hom aan 'op sy nes van vere en uitwerpsels...hy wag op die nag, op die donkermaan, vir voleinding' (bl. 355). Dis asof die engel 'n mitologiese godheid versinnebeeld wat dophou, waarneem en af en toe ingryp - 'die goud lê inderdaad by goudseput' - om dan weer terug te trek en toe te sien hoe begeerte en hebsug oorneem en die geskiedenis bepaal.

Dat die skrywer tradisionele geskiedskrywing verwerp en dit spottenderwys ontluister blyk duidelik uit die verhaal van president Kruger en die swart goudwa. Hy sou aan die kommando ruiters gesê het: 'Seuns, bly weg van vroue'. Maar na agt maande is hulle koorsig van eensaamheid en sat van hul eie wandade. En hulle moet by vroue uitkom; desperaat. Na die ontvoering van Siela Pedi kan hulle hul welluste bevredig en word sy 'soos rantsoen uitgemeet' (bl. 155-159). Siela Allemansvrou.

Die boere se vroue kom niks beter daarvan af nie. 'Voel ek jaloesie?' dink die generaal, 'ek wat soveel vroue gehad het, op kommando, in eensame plaashuise, oorlogsweduwees...bewerige vroue, vermaer en velhonger'. 'Gooi die doek oor die Bybel, het hy altyd gesê voordat hy haar neertrek langs hom...' (bl. 192).

Letterkundig gesien het ons hier te make met 'n boek wat met groot virtuositeit geskryf is. Van Heerden skep hiermee sy eie mitologie, sy eie magiese realisme. Hy speel op 'n karnavalagtige manier met die verhouding tussen verbeelding en werklikheid en wil uiteindelik aantoon dat alleen konfrontasie met die verlede en kunsskepping ware bevryding bring.

Die bevryding wat die evangelie bied kom egter nie meer ter sprake nie. Dit is lankal ingehaal deur die kunstenaarsrede. Daar is reste van godsdiens en bygeloof oor, maar dis inperkend en bespotlik.

Die swye van Mario Salviati is tegelyk literêre hoogtepunt en geestelike laagtepunt. In sy post-moderne denke het Van Heerden God irrelevant verklaar. En gemeet aan die lofsange waarmee die boek in literêre kringe begroet is kan ons alleen maar aflei dat die hele kunswêreld grootliks hierdie pad loop.

Gaan hierdie maalstroom die hele Afrikanerkultuur saamsleep? Die gewone boekleser sal hierdie roman waarskynlik ontoeganklik vind. Want kuns lei al hoe meer sy eie lewe. Tog is die tekens daar. Lees maar die koerante en tydskrifte. Mag God ons bewaar teen hierdie kultuurverwording.

“IN BOEKE RESONEER DIE TYDGEES”

LW de Vries

Om boeke te lees is ‘n opwindende avontuur. Boeke is vensters op die wêreld. Boeke bevat egter ook lewensbeskoulike uitgangspunte en kan as sodanig groot invloed uitoefen op mense se gedagtes. Mev Bertha de Vries skryf oor die vraag hoe ‘n mens as Christen literatuur behoort te lees en te beoordeel.

Mens-wees is ‘n opdrag, ‘n opdrag om die lewe te ontdek en die aarde te ontplooi. Daarom sal ons die lewe, die werklikheid waarin ons lewe, moet leer verstaan. Literatuur leer ons meer van daardie werklikheid. Boeke open vir ons wêrelde. Wêrelde van hede en verlede. Die Boek van alle boeke leer ons waarom en waarvoor ons lewe. Dit is dan ook ons enigste maatstaf waaraan ons die ander boeke kan en moet toets.

Boeke vertel ons van mens-wees. Die essensie van mens-wees is “wil-weet” soos dit reeds by die eerste menspaar aanwesig was. In boeke resoneer die tydgees. In die literatuur is daar, hoe subtiel ook al, waarhede en waardes ingebou, lewensbeskoulike waardes. En waardes berus op beginsels. Die beginsels is ‘n voortvloeiing van die mens se lewens- en wêreldbeskouing. Woorde, veral die geskrewe woord in kunstige vorm, het groot mag. Daarom is dit belangrik om boeke te lees en bewus te wees van die invloed wat daarvan uitgaan. Boeke kan ons geestelik sterk maak, maar daar is ook gevare aan verbonde… Elke Christen is betrek in die kultuurstryd, en volgens K Schilder kan ons onsself nie daaraan onttrek nie, want dan is die skeiding tussen kultuur en genade in geding as synde aparte terreine. Dit is juis K Schilder wat ons oë weer oopgemaak het vir ons sogenaamde “kultuuropdrag”. Omgaan met literatuur is juis betrokke wees by alles wat God in die skepping gelê het en aan ons beskikbaar stel om as Christen mee te woeker. Hiermee beland ons onmiddellik in ‘n antitetiese leefwêreld.

PD van der Walt gee die volgende sienswyse: “…kuns kan wrang wees, want ons aanvaar gelowig die basiese feite van skepping, sondeval en verlossing… Egter, die estetiserings- (= kuns-, skoonheids- LWdV) opdrag is nie met die sondeval opgehef nie en geld vir gelowige sowel as ongelowige: die kunsskeppende gawe is deel van God se genade en is die besit van gelowiges en ongelowiges. Dit is eenvoudig ‘n aspek van groot kuns dat dit ons kan of dalk moet wakker skud, selfs ontstel deur die visie wat dit oopslaan op die werklikheid… waarvoor ons stellig blind is t.o.v. sy ware geledinge of syn. Te veel lesers wil vriendelike letterkunde hê en net dit, want hulle het hulself wysgemaak dat die letterkunde ‘n vorm van vermaak of ontspanning is. Dalk het hulle hulself te lank tevrede gestel met ‘n soort leuen ten aansien van die kuns” en dan noem hy daarvan ‘n voorbeeld: “daardie soetlike, romantiekerige oorbeklemtoning van die mooie en lieflike in die mens en die wêreld” (Mene Tekel, bl. 93). Dus, literatuur kan konfronterend wees.

Ons moet leer om antiteties in die wêreld te staan en dat dit ‘n Christen se roeping is om betrokke te wees by die kultuurstryd. Efesiers 5:10,11 sê: “En beproef wat die HERE welbehaaglik is, en hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer (in Nederlands: ontmasker dit).” Dit beteken tog seker nie dat ons ons oë vir die bose werke moet sluit nie. Inteendeel, die gelowige word geroep om te toets, om te ontmasker en te bestraf. Dit hou in: konfrontasie en antitese, want ‘n antitetiese keuse is slegs moontlik na konfrontasie.

Konfrontasie

Moet ons ons jeug toelaat om met hierdie literatuur om te gaan? Wat van die bede: “Lei ons nie in versoeking nie”? Die gevaar is tog dat hierdie antichristelike lektuur slegte invloed sal hê? Die kwaad is net so goed in die skuilhoeke van ons eie harte. Daarom wil ek pleit vir konfrontasie in gesinsverband. Die gesin as hoeksteen van ons samelewing is die aangewese plek om met mekaar te praat oor wat die moderne mens vandag besig hou. By die lig van God se Woord kan dan ‘n goeie gesprek binne die warmte, die liefde en die “nesgeur” van die gesin, nog jare lank nawerk. Primêr geld dus: kennis van die Bybel. Dit is ons geestelike wapenrusting. En ons bid vir baie wysheid en insig om die regte woord op die regte tyd en plek te sê.

Die moderne literatuur is oor die algemeen gebaseer op ‘n eksistensiële wêreldbeskouing in navolging van Franse filosowe soos Sartre en Camus. ‘n Antichristelike lewenshouding word daarin weerspieël.

In die sestigerjare het hierdie eksistensialisme inslag gevind in Suid-Afrika in wat genoem is die vernuwing in ons prosa. Die skrywers is dan ook die Sestigers genoem. Ek noem enkele van die bekendste prosaskrywers: Jan Rabie, Etienne Leroux, Chris Barnard, André P Brink, Dolf van Niekerk en Karel Schoeman, terwyl Anna M. Louw, Elsa Joubert en Dalene Mathee voorlopers is van die nuwe rigting wat nog as realistiese kuns beskryf kan word, maar met volop tekens van die eksistensiële.

Leefwêreld

Deur enkele aspekte van die moderne skryfkuns aan te wys, kry ons sig op die moderne mens in sy leefwêreld en sy problematiek. Ons sien die wetteloosheid, wanhoop, angs - veral doodsangs -, uiterste individualisme en dus absolute eensaamheid, gebrek aan kommunikasie, die outsider-figuur, die nutteloosheid van die bestaan waarin werklike liefde en

egte gemeenskap ontbreek. Die soeke na eie identiteit, na die waarheid en sin van die lewe is deurgaans baie prominent. Vir die God van die Bybel is geen plek nie. Hoe langer hoe meer romans verskyn waarin God ontbreek of ontken word. Die God-is-dood-benadering vind (veral in Europa) goeie ingang, dus word die Naam van God ydellik gebruik, omdat dit ‘n leë begrip geword het. Met ‘tyd’ het hierdie kunsskrywers ook ‘n probleem. Ons kan dit sien as ‘n opstand teen die tyd. Die chronologiese skryfwyse is taboe en daarom is die verhaalstruktuur dikwels moeilik en verg dit inspanning om die boeke te begryp. Uit ervaring d.m.v. ‘n leeskring weet ek hoe die verrassingseffek die inspanning beloon. Dikwels is dit na herlees van hierdie tipe roman dat ‘n mens nog steeds ontdekkings doen. Vergelyk prof Elize Botha se kommentaar Boekebeeld (Beeld, 19 Februarie 2001):

> “Here! Foeter my dan iewers in!” Met hierdie woorde van Diederik Versveld, die hooffiguur in Dolf van Niekerk se roman DIE SON STRUIKEL word die veel besproke verskynsel van outsiderskap in die wêreldliteratuur van die jare vyftig en sestig, ineens, intens, Afrikaans…
>
> Maar Diederik se radelose skreeu galm in ‘n roman wat, anders as sy tydgenote, met bekende, kontroleerbare Suid-Afrikaanse geskiedenis te doen het: die Rebellie van 1914, as uitvloeisel van die Anglo-Boereoorlog, die mynstaking van 1922. Diederik word willoos deur die onstuimigheid van sy tyd rondgeslinger, maar vir hom is daar “niks wat ‘n standpunt werd is nie”, hy is niemand, niks, nêrens. Die mense wat hy liefgehad het, sy eie familie, is gewelddadig dood. Ook God is onvindbaar, dood… Soos ek sy verhaal weer begin lees, merk ek al meer hoedat Diederik se vervreemding teenhangers vind in vereenselwiging en betrokkenheid. Die vereenselwiging vind ek met die dinge van die aarde, van die grond self. In ‘n stukkie skurwe, droë brood is Diederik hom van die koring self bewus; as hy ‘n rou ertappel uit die grond eet, kry die knol ‘n byna verheerlikte lewe. Die betrokkenheid: Diederik, die standpuntlose, is wat genoem word, ‘n “absent presence” tussen die wat lydend, vegtend deel is van die geskiedenis. En van hulle maak die maker van hierdie roman mense, deur hulle word die episodes uit ons geskiedenis deerniswekkend vermenslik.”

Ons kultuuropdrag beslaan elke terrein van die lewe, maar daar is terreine waaraan ons onsself moet onttrek. Daar waar die Here onse God gelaster, of sy Naam ydellik gebruik word. Dit geld ook vir die woordkuns. Ons staan wel IN die wêreld, maar is nie VAN die wêreld nie.

BYBELSTUDIE IN GESIN EN GEMEENTE

ds Rob Visser

Die vorige artikel het oor persoonlike Bybelstudie gehandel. Persoonlike Bybelstudie is die begin, maar daarby mag dit nie eindig nie. Ons wil nou graag ook na ander vorms van Bybelstudie kyk wat noodsaaklik is vir ons geestelike groei.

Huisgodsdiens

Ons kyk eers na enkele historiese opmerkings oor huisgodsdiens.
1.huiskategese
2.skoolkategese
3.kerkkategese
4.
5.Huiskategese het dan te doen gehad met huisgodsdiens. Hierdie Sinode sê o.a. die volgende: “Die amp van die ouers is om tuis hulle kinders en ook die hele huisgesin wat aan hulle toevertrou is so vlytig as moontlik in die beginsels van die Christelike geloof, volgens die begrip van elkeen, te onderwys; om hulle ernstig en met vlyt tot die vrees van God en die opregte saligheid te bring, om hoofstukke uit die Heilige Skrif aan hulle voor te lees en op ‘n eenvoudige en bevatlike manier te verklaar.”
6.
7.Hierdie huisgodsdiens het ook in ons land deurgewerk. Ons lees in ‘n reisbeskrywing van‘n sekere dr Heinrich Lichtenstein in 1803 van sy ervarings in die Kaapse binneland o.a: “Die dagwerk het elke môre, na sonop, begin met die sing van ‘n psalm en die lees van ‘n hoofstuk uit die Bybel. Wanneer alles in die aand versorg was, het die hele gesin weer bymekaargekom.”
8.
9.Van die Voortrekkerlaer lees ons in Langenhoven se boek: “Die pad van Suid-Afrika”: “Slapenstyd nader, die laer maak klaar vir sy rus; uit een vir een wakis word boeke gehaal en met eerbied geopen; ongesiene altare rys by die vuurtjies; die veld is in ‘n tempel herskape. ‘n Nasie bid.”
10.
11.Die huisgodsdiens, die “boekevat”, het in die geskiedenis tot groot seën vir God se kinders deurgewerk. Hoe belangrik is dit vir ons vandag, in ons tyd waarin ons so gejaag lewe.
12.
13.**Wat is huisgodsdiens?**
14.Huisgodsdiens is waar man en vrou, en veral die hele gesin gesamentlik, lees en bid. Die Sinode van Dordrecht 1618/1619 het drie soorte kategese onderskei: omstandighede waarin dit gedoen word kan verskil. Die wyse waarop dit geskied hang daarvan af of daar kinders in die huis is en wat hulle leeftyd is. Dit gaan by huisgodsdiens veral daaroor dat ons die HERE leer ken.
15.
16.Om God te ken is die belangrikste in ‘n mens se lewe. Dit is ook wat die meeste ware vreugde vir ‘n mens gee. Ek noem hier en-kele plekke in die Bybel waar ons dit lees:

> “En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat u gestuur het.” Joh 17:3
>
> “So sê die HERE: Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie; maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die HERE is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in die dinge het Ek behae, spreek die HERE.” (Jer. 9:23, 24)
>
> “Want Ek het ‘n behae in liefde en nie in offerande nie, en in kennis van God meer as in brandoffer.” (Hos 6:6)

Huisgodsdiens is ‘n middel waardeur ons gevorm en geleer word om waarlik te leef vir die doel waarvoor God ons geskep het. Die groot doel van ons lewe is dit wat ons in antwoord 6 van die Kategismus bely: “God het die mens goed en na sy ewebeeld geskep. Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid**, sodat hy God, sy Skepper, reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam met Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en en te prys.”**

Dit is baie belangrik om elkeen by die huisgodsdiens te betrek. As elkeen wat kan lees ‘n Bybel kry en kan saamlees, beteken dit dat hy meer van dit wat gelees is, kan onthou en ook makliker daaroor kan saampraat.

Dit is ook belangrik dat die gebed nie net ‘n vaste gebed is nie. Die verpligtinge en gebeure van die dag moet daarin betrek word en ook voorbedes behoort daarin ‘n plek te hê. Dit is ook goed om vir die wat teenwoordig is te vra waarvoor gebid kan word.

Die prediking

Die prediking behoort by die gesamentlike groei in kennis van die HERE en van sy Woord ‘n belangrike plek in te neem. Hoe belangrik is dit dat ons die preek ná die erediens met mekaar bespreek en daaroor gesels! Ons moet net sorg dat dit op ‘n goeie manier gebeur. ‘n Mens kan so krities en afstandelik daaroor praat dat ons vir onsself die seën van die prediking wegneem. Ons eerste vraag na die kerkdiens mag en moet nie wees: “Het jy dit ‘n goeie preek gevind?” nie. Ons moet leer om vir mekaar te sê wat in die preek ons opgeval en aangespreek het, wat ons vandag geleer het, en om dan saam daaroor te gesels, die Bybel saam oop te maak en so die volle waarde van die Woordverkondiging met mekaar te deel en saam te groei.

Dit gaan daaroor wat die HERE vir my, vir ons, vandag duidelik gemaak het. Dit hoef nie altyd iets te wees wat vir my nuut is nie. Dit kan iets wees wat ek al geweet het maar wat nou weer vir my duidelik voor oë staan.
Die prediking wys ook altyd weer op die doel van toenemende kennis van die Woord. Sien HK vr. en antw. 84. Dit moet ‘n oproep vanuit die teks wees om

in Christus te glo en jou van jou sondes te bekeer.

Gemeenskaplike studie buite die erediens

Die grond vir gesamentlike Bybelstudie lê in die gemeenskap van die heiliges, in die verbond. Hier is die HK vr. en antw. 55 van groot belang. Die HERE het die gemeenskap van die heiliges gegee sodat ons mekaar kan opbou in die geloof. Om vanuit ons kennis van Christus mekaar te dien met die gawes wat ‘n mens gekry het. Ons het reeds genoem dat die groot doel van ons lewe is om God te ken. As dit die belangrikste is, is dit ook in ons onderlinge omgang die belangrikste om mekaar juis daarin te help. Dan sê ‘n mens nooit: “Ek gaan nie meer na die Bybelstudies nie, want ek leer nie meer iets daar nie”. Wie werklik baie weet en die HERE regtig ken, sal, as hy enigsins daartoe in staat is, Bybelstudies bywoon om ander te help.

Nog ‘n rede waarom ons saam Bybelstudie moet doen, is dat niemand van ons alles weet nie. Ons het mekaar nodig om regtig te groei in kennis van die HERE en sy Woord. Efese 3:16-19 is in hierdie verband belangrik: “dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens, sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in liefde gewortel en gegrond is, **en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is,** en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God.”

Gemeenskaplike Bybelstudie is ’n opdrag in Christus se gemeente. Die vorm waarin dit gebeur kan nie voorgeskryf word nie. Dit kan op allerhande maniere gebeur. Dit kan geskied deur jeugverenigings, manne-en vroueverenigings en ook deur enige ander samekomste of kursusse vir dié doel. Die vorm is nie die belangrikste nie. Die vorm sal wissel met die omstandighede en tyd waarin ‘n mens lewe. Die verenigings soos ons dit vandag ken het nie voor 1880 ontstaan nie. Die kerk van die Reformasie het dit nie geken nie. Die kerk van die Reformasie het ‘n soort kerkdiens op weeksdae geken waar aan die insig en vermeerdering van kennis van die Bybel gewerk is. Die preke het dan ‘n ander karakter as op Sondae gehad. Dit was meer uitleg van opeenvolgende Bybelgedeeltes. Daar was ook sogenaamde profesie. Dit was waar gemeentelede saamgekom het om beurtelings uitlegging aan Bybelgedeeltes te gee en om dit dan saam te toets. Wie meer hieroor wil lees, kan dit vind in: **Totius Versamelde Werke 6, 75-108**.

Die vorm is nie die belangrikste nie maar dat ons mekaar genoeg toerus vir die tyd waarin ons lewe en dat die gemeente hierby betrokke is.

Dit is belangrik dat ons mekaar so sal toerus dat 2 Tim. 3:16,17 waarlik ons hele lewe sal kenmerk. Daar staan immers: “Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.”

WD JONKER:
SELFS DIE KERK KAN VERANDER

dr Hannes Breytenbach

Prof Willie Jonker het hom jarelank beywer om skeiding op grond van kleur in die kerk af te wys. In sy boek 'Selfs die kerk kan verander' beskryf hy hoe die NGK uiteindelik van apartheid afskeid geneem het. Dr Hannes Breytenbach het die boek gelees en neem met instemming kennis van 'n aantal aspekte daarin, maar is ook bekommerd oor die gebrek aan deurwerking wat betref die gereformeerde karakter van die NGK. Hy skryf soos volg daaroor:

WD Jonker, emeritus-professor in Dogmatiek aan die Kweekskool op Stellenbosch, was 'n hooglearaar met 'n groot invloed op die studente wat by hom klas gekry het. Met entoesiasme en die vermoë om die gehoor mee te voer, was hy 'n uitstaande prediker. Hy was 'n verkondiger van die reformatoriese "genade alleen".

Hiermee saam het hy stryd gevoer vir verandering in die NGK. So het hy deur die jare die skeiding op grond van die kleurvooroordeel in die kerk afgewys. Hy het hom gedring geweet om die NGK te verander en aan te pas.

Jonker het met 'n *dogma-historiese* aanslag sy vak beoefen. So het hy sy Dogmatiek altyd in lyn gebring met die leer van die kerk deur die eeue. Dit het hom bewaar van wysgerige spekulasies. Saam met prof Jaap Durand was hy verantwoordelik vir die reeks: ***Wegwysers in die Dogmatiek***. Die reeks is waarskynlik die beste dogmatiese studies in Afrikaans.

Teologiese beïnvloeding en kerkbegrip

Jonker was 'n leerling van GC Berkouwer. Hy was 'n bewonderaar van Karl Barth en wou soos Barth die moderne mens aanspreek. Maar hy wou dit doen vanuit sy konfessionele oortuiging. Hy en 'n aantal jonger predikante het in die vyftiger jare van die vorige eeu ondervind dat die NGK hom so laat betrek by die Afrikanervolk dat sy gereformeerde teologie in die gedrang kom. Hulle het die aandag gaan vestig op die volkskerklike karakter van die NGK en op die kerk se afhanklikheid van die owerheid. Jonker, wat op 'n stadium aktuarius van die sinode was, en later aangestel is as dosent in Kerkreg aan Unisa, het hom veral toegelê op die *"wette en bepalinge"* wat in die NGK gebruik is. So het hy 'n waardevolle bydrae gemaak om 'n kerkorde voor te berei.

As gevolg van sy rol en standpunt oor die Cottesloeberaad in 1960, wat apartheid afgewys het, en wat deur die sinode verwerp is, is hy gebrandmerk as liberalis. Sy intreerede by Unisa ***"Om die regering van Christus in sy kerk"*** in 1965 het die aandag van die sinodale Gereformeerde Kerken in Nederland getrek en hy is beroep as dosent in die Amptelike Vakke te Kampen. Hy het die beroep soontoe aangeneem. Daar is hy (aan die einde van die jare sestig) veral deur die studente as te behoudend bestempel. Kampen was vir hom 'n uitkoms uit 'n moeilike kerklike situasie waar hy verdag gemaak is.

Jonker het die beroep as professor in die Dogmatiek na Stellenbosch in 1970 aangeneem. Hy was verheug dat die NGK hom nie verwerp het nie en het daarvan uitgegaan dat hy die geleentheid sou hê om die kerk te help verander. Hy doen dit dan ook. Maar die probleem is: sy werk om die kerk te verander is nie in lyn met sy belydenis oor die kerk nie. Reeds in die rede van 1965 word die hoofskap van Christus gestel teenoor die Roomse hiërargie enersyds en die kollegialisme andersyds. Hy wys die strominge in die NGK af, maar, en dit is belangrik, *sonder* om homself in die noute te bring oor die onhoudbaarheid van die NGK se genootskaplike kerkregeringvorm. Terwyl hy wel die kleurkwessie in die kerk tot 'n punt voer, doen hy dit nie met die breë afvalligheid van Christus se regering van sy kerk nie. Laasgenoemde is nie verder gevoer as 'n lesing nie.

Teenoor 'n mening in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika dat die NGK 'n omkeer gemaak het na die gereformeerde beginsels van kerkregering toe, toe daar 'n Kerkorde aanvaar is, het hy daarvoor gestaan dat die NG Kerk maar net op sy *ingeslane weg* voortgaan. Hy het ook nog die NGK se kerkregering gaan *verdedig*, as geen afwyking van reformatoriese kerkregering, met bewyse wat hy aangedra het uit die geskiedenis van kerkregering in die kerke van die Reformasie. Dit gee die ontwikkeling in die NGK weer, om te kom van 'n wet na 'n kerkorde en na suiwering van *kollegiale "smette"*. Maar by *die kerk as saak van belydenis*, die bediening van die Woord as Christus se regering van die gemeente om die vrede en daarom die orde in God se verbondsvolk te stig, kom hy nie uit nie.

Jonker se erkenning dat Christus regeer deur sy Woord, is 'n pragtige insig in sy rede. Jammer genoeg bly dit binne die NGK (en Jonker se begrip van die kerk soos dit in die boek na vore kom) maar 'n korreksie op die aanvaarde genootskaplike kerkbegrip en funksioneer dit steeds binne die verstaan van die kerklike instituut. Die Christusregering word dus geïnkorporeer binne die kerk as 'n instituut, en moet daarbinne verheldering bring. Dit word dan nie 'n eis om reformasie aan die adres van die kerk as instituut nie, 'n eis waaraan jy jou hart ophang nie, 'n eis wat maak dat jy die kerk moet verlaat nie. So gesien, is daar dan ook geen noodsaak vir 'n opstelling teenoor

die dwaalleer op elke front nie. Jonker beskryf die gereformeerde beginsels, maar wil dit nie *teenoor* die historiese ontwikkeling in die NGK stel nie, maar dit wel by die historiese ontwikkeling laat aanhaak.

Invloed van apartheid op die teologie

Jonker en sy medestaanders wou met die kerk terug na die Skrifbeginsels. Maar dan in aansluiting by die historiese ontwikkeling in die kerk. Behalwe in verband met die rasse ideologie. Hulle gaan staan teenoor die Suid-Afrikaanse neo-Calvinisme, wat die handhawing van die bestaande ordening van die rasse in die kerk ondersteun het. Jonker is verdag gemaak omdat hy die ontwikkeling van afsonderlike kerkverbande vir verskillende volksgroepe afgewys het.

Dit is 'n tragiese aspek van die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis dat die rasse ideologie en die teologiese onderbou wat daaraan gegee is, die teologie jare lank oorheers het. Let maar op die groot hoeveelheid proefskrifte in Suid-Afrika wat hierdie probleem nie kon ontloop nie. Jonker en sy medestaanders is, wat die volle reikwydte van die teologie aangaan, geïsoleer. Hy sê self dat wie suiwer oor die kerk dink beland in politieke vaarwater. Die stryd om kerkherstel word verbind met die rasse ideologie in die kerk, en dit word deur Jonker en sy medestaanders op daardie punt gestry. Maar dit is ook op hierdie punt waar Jonker in sy boekie oor die belydenisskrifte: ***"Bevrydende waarheid"*** so in die situasie van die tyd ingetrek word, dat sy beoordeling mank gaan aan objektiwiteit.

Jonker werk in die boek onder bespreking met 'n begrip van die kerk as 'n grootheid wat besluite moet neem en moet verander. Die kerk as sinode en as 'n samestelling van lidmate word nie deur Jonker *in terme van die belydenis* reggestel nie.

Die verhaal van Jonker se stryd vir 'n "oop" NGK het op die oog af geslaag. Met reg kan hy sê: die kerk kan verander….. Jonker wou egter altyd 'n *teologiese* stryd voer, en hy het sy skuldbelydenis oor sy en die kerk se aandeel aan Apartheid op Rustenburg in 1990 as 'n saak van bekering beskryf. Maar dit blyk duidelik (in die boek) dat die sinode se veranderde houding nie sonder die *politieke en staatkundige omwenteling* in ons land gekom het nie. In die opsig het die kerk verander soos wat Jonker dit vir dekades bepleit het, maar saam met hierdie verandering het daar ook 'n omwenteling gekom. Jonker wys bepaalde tendense in sy slothoofstuk aan, soos die sekularisasie in die kerk, die sekulêre staat, en die Amerikaanse evangeliese beweging.

Het die kerk verander?

Dit is en bly 'n vraag waarom Jonker na 1965 nooit 'n geskrif oor die leer van die kerk laat verskyn het nie. In die tagtiger jare het hy sonder om doekies om seer vingers te draai in sy lesings die onderskeidings vir die kerk van sigbaar en onsigbaar en instituut en organisme van die hand gewys, en hom gaan hou aan die artikels van die NGB. Vir daardie duidelike aanwysing is sy studente hom altyd dankbaar. Maar blykbaar is daar 'n kloof tussen wat hy van die kerk bely en die kerk wat hy wil verander, die kerk wat hy meen aan die verander is. Tussen die sinode en die gemeente, waar die Here se Gees met die Woord werk. Want die wins wat Jonker eindelik aanteken, is tog geen wins in terme van volledige herstel van die begrip van kerkwees nie. Die NGK is eenvoudig nie herstel volgens Skrif en belydenis nie, maar eerder verideologiseer.

Die NGK het nie minder volkskerk geword nie. Die afhanklikheid aan die owerheid is grootliks beëindig. Dit is wel duidelik dat die druk van die geweldige omwentelinge van die jare tagtig en negentig 'n groot invloed op die NGK gehad het, maar ongelukkig nie tot bekering nie. Hierdie druk het wel veroorsaak dat die kerk die verkeerde betrokkenheid op die Afrikanervolk laat vaar het, maar het dit in groot onsekerheid gedompel. Immers die band met die owerheid is skielik deurgesny, vreemde kerkmodelle is nagevolg en die sekerheid van die belydenis word prysgegee.

Jonker probeer met die outobiografie 'n beskrywing gee van sy aandeel aan die afbreek van verkeerde persepsies oor apartheid in die kerk. Hy sou veel groter wins vir die evangelie gemaak het as hy die vraag sou stel na Christus se gang met Sy kerk. Dan sou blyk dat die hoofprobleem van die kerk in Suid-Afrika nie apartheid was nie, al is hierdie problematiek aangrypend, en al kan jy die situasie nie omseil nie. Dan sou blyk dat die probleem die gebrek aan die verkondiging van die evangelie in al sy konsekwensies is. En natuurlik het dit ook alles te doen met die kerk se perspektief op apartheid.

So sou Jonker wat so bewus is van die versoeking van eersug en aanvaardingsdrang, en in sy lojaliteit wat hy so hoog op prys stel, 'n waardevolle bydrae kon lewer, wat bo die situasie van die tyd uitgaan en vir ons vandag kon help. Indien die belydenis reg funksioneer het, sou hy nie nodig gehad het om op die slagveld van kerkpolitiek te veg, waar voor-onderstellings en persone voorop gaan nie. Binne die volkskerk is dit nie die waarheid wat saamvoeg nie, maar die organisasie - 'n fyn, maar ooglopende spel van groepe en woordvoerders, strategie en verdagmakery.

Jonker sou baie meer wins gemaak het as hy aan ons vertel het hoedat die NGK van die begin af tot in die eie tyd met die Skrif omgegaan het, en hoedat Jonker hierin sy rol gespeel het. As apartheid *die teologiese probleem* van die NGK sou wees, en as dit alleen maar 'n probleem van die twintigste eeu was, dan sou dit reggestel kon wees in 1990 met die Rustenburg-belydenis. Maar dit is nie waar nie, die NGK het vroeg reeds in verskillende opsigte die gereformeerde leer verlaat.

Beoordeling

Hoekom laat die boek ons so onvergenoeg? Moontlik is dit dat Jonker die reg aan sy kant gekry het toe daar 'n "oop kerk" gekom het – hy is deur die sinode reg

bewys. Die boek gee aan hom die erkenning, op sy kenmerkende nederige manier. Maar dit is jammer dat daar nie beskrywing is van sy uitgebreide teologiese bydrae nie. Daar is baie vrae wat nie gevra en ook nie beantwoord is nie. Het dit hom in die noute gebring dat die Skrif se gesag deur Skrifverklaarders in die NGK bevraagteken word? Het dit sy geloof bedreig? Wat het hy teen hierdie verval in die kerk gedoen? Wat doen hy vandag daaraan? Jy kan tog wat hierdie sake aangaan, nie uittree nie? En waar die kerk dan nou verander het ten opsigte van kleurvooroordeel, hoe nou verder? Dit kan tog nie op ’n volgende geslag afgeskuif word nie?

Alhoewel die teologiese onderbou van apartheid die teologie in die NGK diepgaande beïnvloed het, is dit nie die saak wat die gereformeerde leer in die NGK in die wortel aangetas het nie. Die saak lê presies andersom. Indien die NGK sy gereformeerde belydenis op prys gestel het, sou hy nie in navolging van sendinggenootskappe ’n kerkverband vir die sendingkerk ontwerp het nie, sou hy nie die natuurreg-gedagte oorgeneem het nie en so beskawingstandaarde vir kerktoelating gestel het en afhanklik van die owerheid geword het nie, sou hy nie met Abraham Kuyper se kalwers geploeg het en verskillende kerkinstitute gaan oprig het vir verskillende bevolkingsgroepe nie, sou daar nie ’n teologiese motivering vir apartheid geformuleer gewees het nie.

As daar iemand was wat verandering kon bring, om die NGK te help om gereformeerde kerk te wees, was dit WD Jonker. Die situasie in die kerk het verander. Hierin het Jonker sy bydrae gelewer, maar ongelukkig het die geloof minder geword sodat die NGK se belydenis van gereformeerde kerkwees self in die weegskaal is. Dit sal verseker vir prof Jonker ’n geweldige beproewing wees.

(Na aanleiding van WD Jonker, Selfs die kerk kan verander. Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 1998.)

Die SUID-AFRIKAANSE WATTER BLOM IS DIT (Kristo Pienaar) het weer verskyn! Meer as 1 500 kleurfoto's vir huistuine. 'n Skitterende boek vir die liefhebber! Prys R149,95

THE RUSSIANS AND THE ANGLO-BOER WAR
Hoekom het pres Kruger 'n dankie-brief aan 'n Russiese vrywilliger gestuur en hoekom het hy Russiese dokters en verpleegsters bedank? Hoekom het Russe na Suid-Afrika gekom, en hoekom het al die politieke groeperinge in Rusland in die Tsaretyd van die koningsgesinde tot die sosiaal-demokrate hulle so besiggehou met die Boereoorlog? Al hierdie en nog veel meer vrae word beantwoord in hierdie interessante boek wat geskryf is deur A Davidson en I Filatova. Die prys is R 94,95 vir 287 bl teks, foto's, bibliografie en indeks.

CD's (R115 elk):

- MARTIN MANS improviseert 11 – Hinsz-orgel Martinikerk Bolsward o.a. Hoe groot zijt Gij – Vaste Rots – Psalm 108 – Psalm 56 – Ode aan Bach
- HOLLANDS KRACHT LIGT OP DE WATEREN Oranjeconcert in de Grote of St Maartenskerk te Zaltbommel, Chr Urker Visserskoor, bariton, trompet, harp, samenzang o.a. Komt nu met zang – Ps 138 – Ps 146 – Ere zij aan God de Vader – Wilhelmus van Nassouwe
- PSALMSING TOT GODS EER 42 Geneefse melodieë soos gesing deur die Odè Ensemble, Potchefstroom.

ds P Nel

GEEN BEWUSSYN VAN SONDE MEER?

In ons plaaslike geestelike koerantjie getiteld: *Jou Vryspraak* (Uitgawe 3.1) verskyn daar 'n artikel onder die tema "Sondebewustheid". Die (onbekende) skrywer eindig met die keuse aan die Christen: "*Kies ons Christus of kies ons sondebewustheid?"* Ja, die berig impliseer ondubbelsinnig dat die ware gelowige geen bewustheid van sonde meer moet hê nie. Ek haal dele uit die artikel aan:

> *"Volgens God is die hele probleem van sonde … afgehandel deur Jesus Christus. Die probleem wat egter oorgebly het is die mens se sondebewustheid. Vir die mens is dit moeilik om te verstaan hoe kan die probleem van sonde afgehandel wees as ons nog steeds daagliks sonde doen****…. 'n mens kan nie sondaar en 'n regverdige wees nie… (Vetdruk PN)****.*[1] *Kom ons kyk 'n bietjie dieper na die sondebewustheid van die mens. Vanaf Moses tot by die kruisiging van Christus was die tyd van die wet – die wet het die mens oortuig dat hy uit sy eie glad niks kan doen om homself regverdig voor God te kry nie.*
>
> *In hierdie tyd moes die mens gereeld offers bring om vergifnis te vra – kom ons lees Heb. 10:1-2. "Want die wet, wat 'n skaduwee het van die toekomstige weldade, nie die beeld self van die dinge nie, kan nooit deur dieselfde offers wat jaar na jaar gedurig gebring word, die wat toetree, tot volmaaktheid lei nie…. Anders sou hulle opgehou het om geoffer te word, omdat die wat die diens verrig, nadat hulle een maal gereinig is,* ***geen bewussyn meer van sondes sou gehad het nie" (PN).*** *Het ons reg gelees? As hulle eenmaal gereinig is sou hulle geen bewussyn van die sondes meer gehad het nie? Ruk dit u nie?*
>
> *Waar kom ons sondebewustheid vandaan? Is dit nie omdat ons* ***nie werklik glo (PN)*** *dat ons een maal deur 'n volmaakte offer volkome gereinig is nie? … Ons moet dus geen bewussyn van sondes meer oor hê nie…. Heb. 10:22 sê: "laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water."*[2] *God se bedoeling was dus nie net om ons te reinig van sondes nie maar om ons ook te reinig van 'n skuldige gewete of 'n sondebewustheid.*

Die skrywer stel die toestand van Adam gelyk met die gelowige. Ons kan nou weer net soos Adam kies tussen die sondebewussyn (die boom van kennis van goed en kwaad) of Christus. Die artikel lê 'n wrede druk op die gewete van die opregte. Solank jy nog weet van sonde in jou, "het" jy nog nie werklik Christus in jou lewe nie. Saligheid is weer jou eie probleem want volgens so 'n oortuiging sou die werk van die Heilige Gees in ons harte tevergeefs wees. Solank ek bewus van sonde bly sal ek nooit kan glo nie!
Andersom, ware geloof is om, selfs as jy iets verkeerd doen, nie sleg te voel daaroor of dit enigsins te bely voor God nie. Die gelowige Dawid se sonde moes hom dus nooit gepla het nie en solank dit hom gepla het was hy ongelowig …ongered. Dawid se sonde het hom egter aanvanklik nie eers gepla nie! Was dit 'n teken dat hy glo? En was sy skuldbesef daarna die teken van sy ongeloof? Dit blyk geen verskil te gemaak het nie. Dawid was in die verlore era. Soos die skrywer immers reeds verduidelik het, hy was onder die wet en dus weg van die offer van Christus!

Ek is bevrees die lering is 'n veel swaarder las as wat selfs die ongeredde moet dra. Gelukkig gee die Bybel ons 'n nugtere prent. Dit onderskei tussen ons onvolmaaktheid en die volmaaktheid van Christus. Dit is die volmaaktheid van Christus en sy offer wat

ons uiteindelik red en nie die vraag of ons nog bewus van sondes is of nie. Die heilige apostel Johannes sê nie verniet in 1 Joh. 1:8 – 2:1:

> *"As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie. My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige."*[3]

Paulus roep uit in Rom. 7 : 20-25:

> *"Maar as ek doen wat ek nie wil nie, dan doen ek dit nie meer nie, maar die sonde wat in my woon. Ek vind dus hierdie wet: as ek die goeie wil doen is die kwaad by my aanwesig. Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens; maar ek sien 'n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is. Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!"*

Twee heilige manne vol van die Heilige Gees en tog volgens ons skrywer … ongelowig? Nee, ons weet dat Paulus en Johannes heel seker was van … nie hulle eie menslike volmaaktheid nie, maar die volmaakte vergifnis van God in Christus. Ja selfs al sondig ek elke dag nog.

Maar wat maak ons dan met die argument uit Hebreërs 10:1-2? Wat Hebreërs baie duidelik sê is juis dat geen mens, ook nie die heilige priester Aäron, gered kon word deur menslike offers nie. **Priester en offer was onvolmaak** en met sonde belaai. Met die koms van Christus is dit nou heeltemal anders. Hy is die Priester (Heb. 9:11), maar Hy is ook die offer (Heb. 9:14)! Hy is die Seun van God. Hy is sonder sonde en sy offer aan die kruis is volmaak (Heb. 10:14). Hy gaan nou as Priester in die hemelse tabernakel vir ons in. Daar pleit Hy steeds vir ons (Heb. 7:25).

Die gedeelte in Heb. 10:1-2 stel **Priester teenoor priester**. Ons het nog steeds 'n Priester wat vir ons ingaan en deur Wie ons na God gaan. Kyk mooi na vers 2. Die **een wat offer** sou geen wete meer van sonde hê nie. Dit was alleen die priesters wat geoffer het. Omdat hulle onvolmaak was moes God self die een wat offer en dit wat geoffer word vervang met 'n totaal nuwe volmaakte orde. Jesus' offer en dit is volmaak. Ons kan sê Hy is **sonder bewussyn** van sonde. Hy sien geen sonde meer in die gelowige wat voor Hom kom buig nie. Vers 2 gaan immers oor die offeraar en die effek van sy offer op sy **eie** wete. God vergeef en vergeet nou deur die een offer. In Christus is alle sonde vergewe en daarom kan ons met vrymoedigheid na God gaan (Heb. 10:22), maar gaan moet en sal ons steeds! Ons weet immers dat Hy alles weggeneem het.

Dit beteken egter nie dat ons nie meer sonde doen nie. Ook nie dat ons ons moet verbeel dat ons nie meer sondig nie! Ons is immers net so min sondeloos as gewetenloos (1 Tim. 1:19). Waarom sou Hebreërs immers die gelowiges, aan wie die brief geskryf was, so gedurig herinner aan hulle volmaaktheid in Christus as hulle self geen sondige twyfel daaroor gehad het nie? Ons … ons bly maar begenadigde sondaars, of ten minste … die wat besef hulle het nog sonde. Vir hulle is daar genade op genade.

[1,3,4] Die Bybel: Ou Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootska[p van Suid-Afrika) 1953.

[2] Die Bybel: Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootska[p van Suid-Afrika) 1983.

VAT EERDER DWELMVERKOPERS VAS - MA

In die Beeld van 27 Februarie 2001 verskyn 'n heel interessante argument van 'n ontstoke moeder. Dit volg nadat haar kind deur die polisie met dagga betrap is:

> *Een van die ma's van Florida aan die Wes-Rand het gevra waarom die dwelmverkopers nie eerder in hegtenis geneem is nie. Die jeugdiges het dit beaam en gesê kinders sal aanhou dagga koop solank dit op straat verkwantsel word. 'Ek sukkel al die jare om my seun deur die skool te kry. Hy wil na matriek oorsee gaan om verder te studeer. Wat gaan van hom word as hy nóú 'n misdaadrekord kry? Hulle maak niemand seer deur dagga te rook nie en nou is sy toekoms in die gedrang oor dié klein foutjie', het 'n ouer uit Randburg gesê.*

Die oplossing is maklik. Dit is om die daggaverkopers te vang en nie die daggarokers nie. Maar aan wie sal hulle dit verkoop as die kinders dit nie koop nie? In elk geval waarom moet hulle gevang word? Die ouer sê mos die dagga maak niemand seer nie…!? Klink of ons liewer die ouer moet vang!

APPÈL TEEN GAYS IN NG KERKRAAD … SLAAG … NOG.

In die Beeld van 26 Februarie 2001 word berig gegee oor die appèl van 'n groepie lidmate teen hulle eie kerkraad. Die gemeente is die nou reeds bekende NG Gemeente Tamboerskloof en die saak, 'n ouderling

wat tot die amp verkies is ten spyte daarvan dat hy ‘n aktiewe en selferkende gay is. Aanvanklik is die beswaardes “wat homoseksualiteit as sonde sien” se besware deur hulle eie kerkraad van die hand gewys. Hierna het die beswaardes by die ring van Kaapstad gaan aanklop en dit is met sukses beloon. Die berig lees verder:

> *Dr. Coenie Burger, moderator van die Wes- en Suid Kaapse sinode, het gesê: ‘die kommissie kon nie juis anders besluit nie’. Volgens Burger geld die 1986-besluit van die algemene sinode nog as die amptelike standpunt. Dit kom daarop neer dat, alhoewel die kerk groot simpatie het vir homoseksuele mense, hy nie glo dat homoseksualiteit beoefen mag word nie. Burger het gesê kwessies rondom homoseksualiteit word tans op verskillende vlakke bespreek. “ek glo nie ons moet oorhaastige besluite neem daaroor nie. Dit is wêreldwyd ‘n kerk-brandpunt’.*

Die suggestie is duidelik. Die beswaardes het nog die reg aan hulle kant. Sonde is nog sonde…of liewer sonde is nog nie nie-sonde nie. Tyd sal leer, nie die Woord nie.

DIE DOOD BEKRUIP ‘n KONTINENT
- onderhoud met dr Wiecher Glas

JJ van der Lugt

Die opskrif van hierdie artikel is geneem uit die tydskrif ‘Time’ (12 Februarie 2001) waarin die verskrikking van Vigs in Afrika beskryf word. Alhoewel Vigs gereeld aandag in die pers kry en ons elke nou en dan geskok word deur syfers wat genoem word (bv. dat meer as 36 miljoen mense reeds besmet is), het min van ons seker eerstehandse ervaring met hierdie siekte. In hierdie onderhoud belig dr Wiecher Glas, wat Suid-Afrika in Februarie 2001 vir drie weke besoek het, verskeie aspekte van Vigs soos hy dit in twee hospitale in KwaZulu-Natal ervaar het. Die gesprek is uit Nederlands vertaal.

Dr Wiecher Glas, gebore in 1957, het vir ‘n tyd in die trope gewoon en daar het hy ‘n warm belangstelling vir ontwikkelingswerk ontwikkel. Dit het daartoe gelei dat hy in 1984, na afronding van die studie geneeskunde in Nederland, na Suid-Afrika vertrek het om hier te kom werk. Hy het in Hlabisa, KwaZulu-Natal vir dr Nico Walewijn opgevolg wat vir 13 jaar by die plaaslike hospitaal gewerk het. In 1988 het hy die opleiding vir huisdokter in Nederland voltooi, en in 1989 het die gesin Glas na KwaZulu-Natal teruggekeer waar dr Glas vir ‘n verdere 4 jaar in ‘n hospitaal in Nkandla gewerk het. In 1993 het die gesin Glas na Nederland verhuis omrede die onderwys van hulle kinders. Hulle het 6 kinders tussen die ouderdomme van 7 en 17 jaar, waarvan 3 in Suid-Afrika gebore is. Huidiglik is Wiecher Glas huisdokter in Beerzerveld, ‘n dorpie in die provinsie Over-ijssel in Nederland.

Wat was die doel van jou besoek?
Ons het in beide hospitale met plesier gewerk en het goeie herinnerings aan die tydperk oorgehou - herinnerings as dokter, aangesien ek van die tipe mediese werk gehou het, maar ook as gesin. Ons het daar goed aangepas en ingepas. Ek was geïnteresseerd om te sien hoe die ontwikkelingswerk in KwaZulu-Natal die afgelope 8 jaar verloop het. Ek wou graag die hospitale besoek waar ek gewerk het en was nuuskierig om uit te vind hoe die gesondheidsorg funksioneer en hoe dit geraak word deur Vigs. Dié siekte het reeds in 1990 kop uitgesteek, maar in daardie tyd was dit onmoontlik om voorkomend op te tree. Ons wou ook kontak hou met die mense wat ons nog ken. Ons probeer naamlik om twee gesinne in Hlabisa te ondersteun. ‘n Aantal punte kon slegs aangespreek word deur persoonlike gesprekke. Ook was die besoek deels vakansie en ds Kruizinga, voorheen predikant van die gemeente te Johannesburg, het my vergesel.

Hoe het jy die besoeke aan die hospitale ervaar en watter veranderinge is opgemerk?
Kortliks saamgevat was die ervaring teleurstellend en in vele opsigte het die situasie versleg. Laat ons begin met die positiewe dinge. Huisvesting, telefoonverbindings en vervoer het verbeter, meer taxi’s is beskikbaar om pasiënte te vervoer en verskeie grondpaaie is geteer. Ook is daar meer klinieke in die omgewing van die hospitale gebou; in Hlabisa was daar ses en daar is nou 13, terwyl daar in Nkandla vyf was en nou 10 is. Basiese gesondheidsorg vir die mense op die platteland is meer beskikbaar, terwyl heelwat verpleegkundiges aanvullende opleidings voltooi het en beter op hulle werk voor-berei is.

Wat as negatief ervaar is, is in de eerste plek die geweldige omvang van Vigs. Duisende mense word ernstig siek en de aantal sterftes verhoog dramaties. Dit was teleurstellend dat die voorligting oor en voorkoming van die siekte in geen verhouding staan tot die katastrofale omvang van die probleem nie. Ook die regering is nie by magte om effektief op te tree nie. Verder is dit opvallend dat in die verlede groot getalle dokters weens Christelike of humanistiese motiewe in die plattelandse hospitale werksaam was. Dit het ‘n positiewe invloed gehad op die atmosfeer en toewyding waarmee daar gewerk is. Hierdie dokters se getalle het afgeneem. Daar is nou heelwat Kubaanse dokters wat in die hospitale werk. In Kuba is daar naamlik ‘n oorskot van dokters, maar die kwaliteit van hulle opleiding is nie gelykstaande aan dié wat aan Suid-Afrikaanse of Europese universiteite gegee word nie. Ook

kom hulle meestal nie na Suid-Afrika met edel motiewe nie.

Die tekort aan medici word ook aangevul met dokters wat hulle opleiding aan Suid-Afrikaanse universiteite voltooi het en een jaar 'gemeenskapsdiens' moet verrig. Hierdie dokters het meestal min motivering om in die platteland te werk en het weinig ervaring. In Nkandla is daar bv. sewe dokters, maar slegs een met ervaring - laasgenoemde moet alleen alle moeilike gevalle hanteer. Ook is die dokters so besig met mediese werk dat daar geen tyd vir beplanning, opleiding en onderwys is nie. In ons tyd is die klinieke gereeld besoek en kontakte uitgebou tussen die hospitaal en die klinieke, die susters is gemotiveer en terugvoer is gegee oor gevalle wat na die hospitaal verwys is. Dit het 'n goeie werksatmosfeer verseker. Nou word die klinieke nie gereeld besoek nie en gaan die kwaliteit van die werk by laasgenoemde agteruit.

Wat is die impak van Vigs op die platteland?
Vigs is die grootste probleem op die platteland en die impak van hierdie siekte op die gesondheidsorg is onvoorstelbaar. Daar is groot getalle jongmense, tussen die ouderdomme van 15 en 35 jaar, wat by die hospitale aanmeld met ernstige siektebeelde soos infeksies, absesse, tuberkulose, wanvoeding en geslagsiektes. In die verlede het ons eintlik min jongeres by die hospitaal gesien; dit was 'n bevolkingsgroep wat min siek geword het. Nou is hulle die meerderheid van pasiënte wat opgeneem word. Die meeste van hierdie jongmense het Vigs, en hulle en die personeel weet dat daar geen genesing moontlik is nie. Groot getalle jongeres wat wel tydelik verbeter na die behandeling van die absesse of opklaring van die TB, word 'n paar weke of maande later weer opgeneem, soms in 'n meer verswakte toestand. Groot getalle van hierdie jongeres sterf ook in die hospitale en dit is vir die personeel 'n besonder swaar las.

Gevolge vir die gesondheidsorg is velerlei. Dit kos mankrag om hierdie mense te versorg. Dit kos baie geld, sodat daar minder spandeer word aan die basiese gesondheidsorg soos wat dit 10 of 20 jaar gelede gelewer is. Dink bv. aan enting van kinders, gesondheidsvoorligting, ondersoek van swanger vroue, begeleiding van mense wat chronies siek is - hulle kry nou beslis minder aandag. Verder het daar 'n atmosfeer van hulpeloosheid ontstaan, ook onder die verpleegkundiges. Hulle het die idee: wat ons ook al doen, dit help tog niks nie. Dit is die doodsteek vir die motivering van die personeel. Dit is bv. sigbaar in die manier waarop die afdelings skoon gehou word. Beide hospitale was vuil, dinge word nie meer opgeruim nie, die manier om verslag uit te bring was gebrekkig. Soos reeds genoem het die basiese versorging agteruit gegaan. As 'n pasiënt roep dat hy dors het, word daar soms nie na hom of haar geluister nie. Siekes met diarree, tot 20 keer per dag; is vroeër dadelik deur susters skoongemaak; nou kom dit voor dat pasiënte langdurig nie skoongemaak word nie weens 'n gebrek aan werksmotivering.

Waarom is daar soveel Vigs-slagoffers en hoekom het die siekte so vinnig versprei?
Die antwoord is kompleks en heelwat faktore speel hierin 'n rol. In die eerste plek is daar die verval van die familielewe wat versterk is deur trekarbeid. Afwesigheid van die vaders het ineenstorting van gesinne beteken. Moeders moes die kinders selfstandig opvoed sonder steun van die man. Tegelykertyd moes die moeders vir hulle eie lewensonderhoud sorg en het daar weinig tyd oorgebly om kinders op te voed. Die kinders word dan deur die een en dan deur die ander opgevoed. Dit is nie voordelig vir die ontwikkeling van die persoonlikheid van die kinders nie. Heelwat kinders het nie 'n goeie selfbeeld ontwikkel nie en op latere leeftyd het hulle dan ook nie 'n goeie waardesisteem aangeneem nie. Hierdie swak selfbeeld is ook teenwoordig by heelwat vrouens; hulle hou hulle aan geen reëls nie en lewe van die een oomblik na die ander. Hulle selfrespek het totaal verdwyn. Aan die een kant dus 'n ineenstorting van die Zulu-kultuur en aan die ander kant 'n verbrokkeling van die gesin.

Verder het die trekarbeid tot gevolg gehad dat die mans in die stede ander seksuele verhoudings begin het - nie net een of twee nie, maar dikwels 'n onbeperkte getal vriendinne. Onder hierdie omstandighede het seksueel-oordraagbare siektes en Vigs besonder vinnig versprei.Tydens die vakansies het die mans die siektes oorgebring na die platteland.

Vigs is ook 'n bedrieglike siekte; jy kan jarelang besmet wees sonder dat jy dit agterkom. Intussen is dit dié periode waarin die siekte verder versprei word. Baie mense het probleme daarmee om te glo dat indien jy HIV+ is, jy ook besmetlik is vir ander. Jy voel goed, daar is niks te sien nie, so waarom moet jy jou ge-drag verander? As jy 'n siekte opdoen en jy dadelik die volgen-de dag sleg voel, is dit makliker om 'n direkte verband te lê tus-sen besmetting en siekte. Dan is dit ook makliker om gedragsveranderinge teweeg te bring. Dit was ook die oorsaak dat die risiko's van HIV-besmetting jarelang ontken is. Die regering het te laat besef watter gevolge hierdie siekte vir Suid-Afrika inhou. Verder het daar in hierdie tyd groot politieke veranderings plaasgevind in die land. Die mense was sterk gerig op vryheid; hulle was vry van allerlei knellende strukture. Ek reken dat vryheid en blyheid ook in die lewenstyl van baie mense weerspieël word.

Maar die ontkenning van Vigs het ook ander gevolge. Mense is nie bereid om die seksuele vryheid wat hulle nou het, op te gee nie. Vrouens in die Zulu-kultuur is ook nie in 'n posisie om 'nee' te sê nie. Die vrou het 'n buitengewone onderworpe posisie aan die man. As die vrou in enige opsig weerstand bied aan wat die man wil hê, loop sy die risiko om mishandel of uit die huis gestuur te word. Vir die vrou is daar geen enkele manier om aan hierdie druk te ontsnap nie. Daar is geen tehuis om haar op te vang nie. Sy kan gewoonlik ook nie teruggaan na haar ouerlike huis nie. Die vroue is eintlik in 'n magtelose situasie; daarom vermy hulle konflik en gee toe.

Is mense bereid om hulle vir HIV te laat toets?
Oor die algemeen is daar ‘n groot huiwering om getoets te word. Dit is deels te wyte aan die feit dat dit vir die pasiënt weinig gevolge het, aangesien daar tog geen behandeling moontlik is nie. Mense wat dink dat hulle deur hulle gedrag wel HIV+ kan wees, wil dit nie weet nie, want maak dit maak tog geen verskil op die verdere verloop van hulle lewe nie. Elkeen wat HIV+ is, word op die een of ander stadium ‘n Vigspasiënt en sterf daaraan. Dus of jy dit nou wel of nie weet nie, op die lang termyn maak dit nie ‘n ver-skil nie. Sommige mense ver-klaar dat dit beter is om nie te weet nie, want dan kan hulle aan-gaan om onbesorg te lewe. Dit was vir ons verbasend om uit te vind dat mense in die hoë risiko-groep, sal voortgaan met hulle hoë risiko-gedrag. So word tien-talle en selfs honderde vroue in gevaar gebring. Hiervan het ons vele skrynende verhale gehoor; mense wat tot die ontdekking kom hulle is HIV+ en dan ‘soveel as moontlik ander saamneem’. Hierdie is ‘n letterlike aanhaling van wat ons gehoor het. Mense wat uit ‘n soort woede sê: ‘ek kan nie genees word nie, dan die ander ook nie’. Dit is natuurlik ‘n verskriklike standpunt, onchristelik, egoïsties, op sigself gerig.

Word Vigs gesien as ‘n straf op die sonde of maar net iets wat ons oorkom?
‘n Algemene reaksie by die meeste mense was: dit is iets wat ons tref, ons kan daar niks aan doen nie. Dit getuig van ‘n fatalistiese opstelling: dit oorkom ons, ons is magteloos daarteen, ons kan ons gedrag ook nie verander nie, want ons is vasgevang in ons lewenspatroon. Ons het ook ‘n ander antwoord gehoor van sommiges: die Zulu-kultuur, die Zulu-samelewing is skuldig omdat God se wette oortree word op die gebied van die sewende gebod. Die enorme seksuele losbandigheid word nou gestraf deur hierdie vreeslike siekte. Die enigste oplossing is bekering - terugkeer na die Bybelse norme oor die huwelik.

Wat kan daar nog gedoen word om HIV/Vigs en die gevolge daarvan te beperk?
Die regering het ‘n enorme taak, maar tot nou toe was daar nie die vermoë en die kwaliteit mense om die probleem aan te pak nie. Wel is daar versigtige aanwysings dat die beleid aangepas word. ‘n Paar jaar gelede is Vigs slegs bestry met kondome. Nou gaan die regering uit van die ABC leuse: A staan vir ‘abstinen-ce’ en word met nadruk eerste genoem; B staan vir ‘be faithful’ en impliseer trou aan jou man of vrou; en C, indien A en B faal, verwys na die gebruik van die kondoom. Daar moet egter op die gebied van voorkoming veel meer gedoen word, veral met betrekking tot die instandhouding van die gesin en familiestruktuur. Ek wil nogmaals beklemtoon dat juis in die gesin en die opvoeding van die kinders die oorsaak van die meeste probleme gesoek moet word. De ou norme en waardes van die Zulukultuur is besig om te verdwyn en die Christendom was nie in staat om Christelike norme in die gesin en opvoeding by die breë bevolking te laat deurdring nie. Indien die probleem van Vigs êrens aangepak moet word, is dit in die gesin – Suid-Afrika kan gesond word deur gesonde gesinne. Dit sal ‘n geweldige investering benodig: mans moet by die huis kan woon en dus moet daar op die platteland werksgeleentheid wees; skole moet opgerig word; en vir die jeug moet daar perspektiewe wees. Op die platteland is daar op die oomblik niks om hulle verder in te bekwaam of te ontwikkel nie. Hulle gaan skool toe, maar daar is geen moontlikhede vir stokperdjies en vir sport nie. Dus het die jeug ‘n probleem met die besteding van vrye tyd en word seks ‘n algemene tydverdryf. As jy dit by hulle afneem, hou hulle niks oor om hulle tyd te vul nie.

Die regering het ook ‘n belangrike taak in die versorging van HIV+ pasiente. Hierdie versorging gebeur nog in die hospitale, maar eintlik word die hospitale oorstroom deur Vigslyers. Daar moet ‘n grootskaalse ‘home-based care’ opgerig word waar mense tuis deur die eie familie, ondersteun deur vrywilligers en verplegende personeel, versorg kan word. Dit is die enigste manier om al die duisende siekes te versorg.

In die derde plek sal daar deur die land tehuise opgerig moet word waar terminale pasiënte, wat nie meer tuis of deur vrywilligers verpleeg kan word, opgeneem kan word sodat hulle daar menswaardig kan sterf. As Christene kan ons hier die Christelike boodskap bring: Vigs het alles te doen met ‘n sondige lewenstyl. Die enigste antwoord daarop is bekering, terugkeer tot die wette van God. Ons land het sendelinge nodig: positief-ingestelde Christene wat die boodskap aktief uitdra en mense oproep tot bekering. Maar dan ook tegelykertyd werk aan ‘n struktuur soos hierbo genoem: skoling, voortgesette opleiding, bestryding van armoede, werkgeleenthede skep, die oprig van ‘home-based care’ vanuit die kerk sodat mense deur gemeentelede versorg kan word, en die oprigting van tehuise. Christene in Suid-Afrika kry groot kanse om die liefde van Christus uit te straal deur hulle daadwerklik te bekommer oor die groot nood van soveel van hulle naastes.

Die artikel in ‘Time’ waarna in die teks verwys word, skets die voorkoms van Vigs in Afrika. Van die meer as 36 miljoen volwassenes en kinders wat huidiglik besmet is met HIV/Vigs, lewe meer as 70% in Afrika ten suide van die Sahara. Meer as 3,8 miljoen Afrikane het verlede jaar alleen al besmet geraak en 17 miljoen inwoners van Afrika het reeds aan die siekte gesterf (ongeveer 3,7 miljoen kinders). Meer as 12 miljoen kinders is wees gelaat deur Vigs. Botswana, die land met die hoogste inkomste per capita, het ook die hoogste voorkoms van Vigs in volwassenes: 36%. In Zimbab-we is bykans 25% van die volwassenes besmet. Suid-Afrika is die land met die meeste besmette persone: 4,4 miljoen. Die dood wat ‘n kontinent bekruip.

DIE VIGS-DISSIDENTE

L IJlst

Die VIGS-dissidente het in opspraak gekom toe president Mbeki verlede jaar begin het om hulle te raadpleeg en in kommissies aan te stel. Hierdie wetenskaplikes meen dat die siekte VIGS nie veroorsaak word deur die HIV-virus nie, en dink dat dit sinloos en selfs gevaarlik is om anti-HIV-medisyne voor te skryf. In hierdie artikel word hulle belangrikste argumente kortliks teen die konvensionele sienswyse afgeweeg.

Die bekendste voormanne van die beweging is die professor in molekulêre en selbiologie Peter Duesberg, die biochemikus David Rasnick en nobelpryswenner Kary Mullis (chemie). Hulle is ‘n klein maar rumoerige minderheid wat in die breë wetenskaplike wêreld taamlik eenkant staan. Hulle kry nie meer geld vir ondersoek nie en hulle artikels word nie meer gepubliseer nie. Die gevolg is onder andere dat hul aanhangers begin teorieë ontwikkel oor wêreldwye sameswerings van die farmaseutiese industrie met die CIA en die Amerikaanse Center for Disease Control. Daar word byvoorbeeld beweer dat die HIV-virus ontwikkel is deur die Amerikaanse weermag om die swart bevolking aan te val.

Peter Duesberg het enkele jare terug gesê hy sal homself infekteer met die HIV-virus, sodra daar genoeg geld is om ‘n behoorlike ondersoek te doen. Ondertusse beskik hy oor voldoende geld daarvoor, deur enkele ryk ondersteuners. Hy het nog nie aanstaltes gemaak om sy voorneme uit te voer nie, wat 'n mens laat twyfel aan die opregtheid van sy standpunte.

Wat is VIGS?

Volgens die algemene sienswyse is VIGS ‘n siekte wat veroorsaak word deur die besmetting met die HIV-virus. Die virus val veral ‘n tipe bloedsel aan wat sorg vir die verdediging van die liggaam teen allerlei siektes (die auto-immuniteitstelsel). Deurdat die liggaam se immuniteitstelsel al slegter funksioneer, word pasiënte vatbaar vir allerlei siektes en sal hulle uiteindelik sterf aan ‘n siekte soos TB of longontsteking. Die HIV-virus veroorsaak dus nie self ‘n siekte (soos by griep) nie, maar sorg dat die liggaam vatbaar word vir andere siekteverwekkers. Daar is nog baie onduidelikhede oor die werking van die virus. Die naam VIGS staan vir Verworwe Immuniteits Gebreks Sindroom.

VIGS en lewensstyl

Die dissidente beweer dat die HIV-virus slegs ‘n passasiervirus is wat geen invloed op die ontstaan van VIGS-siektebeelde het nie. Hulle het oorspronklik veral die VIGS-epidemie in Amerika en Europa ondersoek; daar tref VIGS veral homoseksuele mans en dwelmgebruikers. Daaruit is die konklusie getrek dat VIGS nie ‘n besmetlike siekte is nie, maar dat dit veroorsaak word deur lewensstyl, met as belangrikste invloed die gebruik van dwelms soos kokaïen, heroïen, LSD en nitraat-inhalasiemiddels.

Daar is egter goeie ondersoeke wat aantoon dat by twee groepe mense waarvan die een helfte HIV-positief is en die andere helfte nie, ondanks ‘n gelyke lewensstyl met baie dwelmgebruik, die grootste deel van die HIV-positiewe mense VIGS ontwikkel terwyl daar by die HIV-vrye groep niemand is wat die siekte kry nie. Die dissidente kon ook nie passende verklarings kry vir die oordra van VIGS deur bloedprodukte, soos by hemofilie-pasiënte en bloedoortappings nie. Ook kan hulle goeie verklaring gee vir ie feit dat VIGS oorgedra word van moeder na baba nie. Daar word gestel dat die moeder ‘n langdurige gebruiker van dwelms moes gewees het.

Vir die VIGS-epidemie in Afrika moes ‘n ander verklaring gevind word: die lewensstyl van Westerse homoseksuele mans en die gebruik van Westerse dwelms kom amper nie in Afrika voor nie. Die dissidente beweer dat die siektes waaraan VIGS-lyers in Afrika sterf, maar dieselfde is wat altyd al sterftes veroorsaak het. Net die voorkoms van antistowwe teen HIV sorg dat hierdie mense nou as VIGS-pasiënte geklassifiseer word. Die agterliggende oorsaak van VIGS in Afrika is volgens hulle armoede en die gevolge daarvan.

Ook hier het ondersoeke aangetoon dat ondanks die blywende voorkoms van ondervoeding, TB, parasiete en ander siektes, juis die jong en middeljarige mense HIV-positief word en ‘n baie groter kans loop om te sterf aan VIGS-verwante siektes. In Suid-Afrika is dit veral die werkende deel van die bevolking wat besmet word en VIGS kry. Hulle is nie ondervoed nie, beter gehuisves en het gemiddeld ‘n beter gesondheid.

VIGS en AZT

Ook die gebruik van die anti-HIV middel AZT word deur die dissidente gesien as ‘n oorsaak van VIGS. AZT sou te giftig wees vir menslik gebruik. Die gebruik van AZT sou ‘n afbraak van die immuunstelsel veroorsaak. Inderdaad is AZT ‘n middel met baie bywerkings, maar ook in hierdie geval is aangetoon dat VIGS-pasiënte wat die middel gebruik, gemiddeld minder siektes opdoen en ‘n beter immuniteit het as VIGS-pasiënte wat die middel nie kry nie. Voordat AZT beskikbaar was, het mense VIGS gekry, sonder ‘n tipiese lewensstyl. AZT word in Afrika amper nie voorgeskryf nie, sodat ook hier die argument platval.

VIGS en HIV

Die dissidente beweer ook dat daar mense met VIGS is wat nie HIV-positief is nie. Dit hang egter af van die vraag hoe VIGS gedefinieer word. Daar is ander oorsake waardeur die immuunstelsel afgebreek kan word, soos bestraling, chemoterapie en ondervoeding. Hierdie mense vertoon egter ‘n ander siektebeeld en nie die tipiese siektes wat by VIGS

optree nie. Wanneer die immuunstelsel afgebreek word oor 'n lang tyd, en die pasiënt is HIV-positief, dan sal die pasiënt in die grootste deel van die gevalle VIGS ontwikkel.

Ook word beweer dat daar mense is wat HIV-positief is wat nie VIGS het nie. Ons moet egter onthou dat die HIV-virus ‘n baie lang inkubasietyd het (dit is die tydperk tussen die aanvanklike besmetting met die virus en die optree van VIGS-verwante siektes). Hulle sê daar is mense wat meer as 10 jaar HIV-positief is, maar nie VIGS het nie; dus kan HIV nie die veroorsaker wees nie. In hierdie stadium is die ondersoek nog nie so ver gevorder dat die wetenskap ‘n goeie antwoord kan gee nie. Dalk is dit so dat nie elkeen wat HIV-positief is, VIGS sal ontwikkel nie. Dit sal goeie nuus wees, maar voorlopig weet ons wél dat in die oorgrote meerderheid van die gevalle besmetting met HIV binne enkele jare VIGS veroorsaak.

Die dissidente stel ook dat, wanneer VIGS veroorsaak word deur net een ding, nl die HIV-virus, moet elke VIGS-pasiënt dieselfde siektebeeld vertoon. VIGS gedra homself egter verskillend in verskillende bevolkingsgroepe, en dus is daar verskillende oorsake, stel die dissidente. Ons het reeds gesien dat die HIV-virus self nie ‘n siekte veroorsaak nie, maar die afbraak van die afweerstelsel. Daardeur kan die liggaam nie weerstand bied teen allerlei siekteverwekkers, soos byvoorbeeld TB nie. Omdat op verskillende plekke verskillende siekteverwekkers voorkom, is daar ook ‘n verskil in die VIGS-siektes waaraan mense ly.

Konklusie

Daar is nog baie oop vrae. Daar is vrae oor die noukeurigheid van HIV-toetse, oor die betroubaarheid van getalle van HIV-positiewes en van VIGS-pasiënte, veral in Afrika. Miskien word in sommige gevalle te gemaklik VIGS gediagnoseer. Die wetenskap het nog nie ‘n goeie idee oor hoe die HIV-virus die afweerstelsel aantas nie. Die anti-HIV-middels is nie sonder bywerkings nie, en help ook nie in alle gevalle nie.

Ondanks dit, is daar nie redelike gronde om te twyfel dat die HIV-virus die veroorsaker van VIGS is nie. Deur hom te meng in ‘n wetenskaplik debat, en deur rigting te kies vir die dissidente-hipotese, het president Mbeki baie onrus en onduidelikheid veroorsaak. Daar is verskillende idees oor die motiewe agter die debat, maar daar is geen twyfel oor die skade wat veroorsaak is nie. Die indruk word gewek dat VIGS nie ‘n seksueel oordraagbare siekte is nie, maar dat dit veroorsaak word deur faktore wat buite die verantwoordelikheid van die gewone mens lê.

Ons mag hoop en bid dat die regering sy standpunt wysig en regtig begin om die oorsake van die siekte, naamlik die losbandige seksuele lewenswandel, aan te pak en die gevolge soveel as moontlik te beperk, ondermeer deur die voorskryf van anti-HIV middels aan HIV-positiewe swanger vrouens en verkragtingsslagoffers.

APPINGEDAM EN WARFFUM ONDERSTEUN SENDING VGKSA

Die klasses Warffum en Appingedam van die Gereformeerde Kerken (vrygemaak) in Nederland het onlangs besluit dat hulle die sendingwerk van die Vrye Geref. Kerke in S.A. wil ondersteun. Hierdie besluit sal volgens die sendingdeputate van die VGKSA 'n groot impak hê aangesien dit die deur oopmaak vir die beroeping van addisionele sendelinge.

Volgens die Handboek 2001 van die Gereformeerde Kerken (vrygemaak) is daar in die klassis Warffum 9 gemeentes met 'n totale lidmategetal van ongeveer 3500. Die klassis Appingedam het 10 gemeentes met 'n totale lidmategetal van ongeveer 3000.

Die besluit van die twee klasses beteken 'n aansienlike uitbreiding van die ondersteuningsbasis van die VGKSA se sendingwerk. Dit impliseer dat van nou af nie minder nie as 53 Nederlandse gemeentes die sendingwerk van die VGKSA finansieel sal ondersteun. Dit is 23 gemeentes in die partikuliere sinode Friesland (7500 lidmate) en 30 gemeentes in drie klasses in die provinsie Groningen, naamlik die klasses Grootegast, Warffum en Appingedam (12000 lidmate). Die totale aantal Nederlandse lidmate wat deur middel van jaarlikse kwota's die sendingwerk in Suid-Afrika ondersteun, is dan 19500.

GEREF. KERKEN (VRYGEMAAK) GROEI NOG STEEDS

Die Gereformeerde Kerken (vrygemaak) in Nederland se lidmate-getal het die afgelope jaar met 735 gegroei. Volgens die Handboek 2001, wat onlangs verskyn het, is die totale aantal lidmate nou naby die 126 000.

Enkele jare gelede het die vrees bestaan dat die kerke GKN(v) 'n negatiewe groei sou begin vertoon. Dit blyk egter dat die groei gestabiliseer het met ongeveer 750 lidmate wat elke jaar bykom.
Die Handboek meld ook dat die aantal predikantsposte gegroei het tot ongeveer 350.